
Swartes in die PWV-gebied se persepsies van aspekte van die vryemarkstelsel

J.A.Jacobsz



001.3072068 HSRC
MM 112

BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC



SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1986 - 07 - 5			
1987 - 06 - 23			
27 - 11 - 87			
11/6			

0000000000



2844363866



Swartes in die PWV-gebied
se persepsies van aspekte
van die vryemarkstelsel

Verslag MM-112

Swartes in die PWV-gebied se persepsies van aspekte van die vryemarkstelsel

J.A. Jacobsz

RGN BIBLIOTEK HSRC
LIBRARY

1985 -12- 3 2

STANDKODE
001.3072068
HSRC MM 112

REGISTERNOMMER

BESTELNOMMER

067975

R10

J.A. Jacobsz, D.Phil.

Instituut vir Mannekragnavorsing
Uitvoerende Direkteur: S.S.Terblanche

ISBN 0 7969 0270 4

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985

Gedruk en uitgegee deur die RGN

INHOUD

	BLADSY
1	INLEIDING 1
1.1	Agtergrond en doelstelling 1
1.2	Die begrip vryemarkstelsel 4
2	NAVORSINGSONTWERP EN BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGGROEP 6
2.1	Metode van ondersoek 6
2.2	Beskrywing van die ondersoekgroep 10
2.3	Ontledingstegnieke 14
3	DIE ONDERSOEGGROEP SE SIENING VAN ENKELE VERANDERINGE OP DIE ARBEIDSFRONT EN ASPEKTE VAN DIE REALITEIT VAN DIE WERKSITUASIE 16
3.1	Inleiding 16
3.2	Belangrikste ekonomiese en sosiale probleme van die ondersoekgroep 17
3.3	Diskriminasie in arbeidswetgewing 19
3.4	Funksie van vakbonde 22
3.5	Skepping van werkgeleentheid 27
3.6	Sienswyse van die groep oor die gebrek aan werkgeleentheid in Swart woongebiede 30
4	DIE ONDERSOEGGROEP SE SIENING VAN INDIWIDUALISME 32
4.1	Finansiële onafhanklikheid 32
4.2	Voorsiening vir aftrede 37
4.3	Indiwiduele eiendomsreg 41
4.4	Die rol van mededinging 43
4.5	Beperking op mededinging 47
5	DIE ONDERSOEGGROEP SE SIENING VAN DIE ROL VAN DIE STAAT IN SOMMIGE ASPEKTE VAN DIE EKONOMIESE STELSEL 51
5.1	Inleiding 51
5.2	Sosiale verpligtinge van die Staat 52
5.3	Finansiering van die Staat se sosiale verpligtinge 58
5.4	Prysbeheer 65
6	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 68
7	SUMMARY AND CONCLUSIONS 78
	BRONNELYS 88

TABELLE

	BLADSY	
2.1	STEEKPROEF VIR DIE PWV-KOMPLEKS	9
2.2	GESLAG EN OUDERDOM VAN RESPONDENTE	11
2.3	PERSENTUELE LEWENSGEDEELTE IN 'N STEDELIKE GEBIED WOONAGTIG	12
2.4	ONDERWYSPEIL VAN RESPONDENTE	12
2.5	INKOMSTE VAN RESPONDENTE	13
2.6	BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEGGROEP	14
3.1	BELANGRIKSTE EKONOMIESE PROBLEME	17
3.2	BELANGRIKSTE SOSIALE PROBLEME	18
3.3	RECENT CHANGES IN LABOUR LEGISLATION IS GOOD FOR BLACK PEOPLE	20
3.4	REDES WAAROM DIT SWARTES TEN GOEDE STREK	20
3.5	REDES WAAROM DIT SWARTES NIE TEN GOEDE STREK NIE	21
3.6	THE TRADE UNION'S AIM IS TO BARGAIN FOR BETTER WORKING CONDITIONS AND SALARIES FOR ITS MEMBERS	22
3.7	REDES WAAROM VAKBONDE SE PRIMÊRE FUNKSIE ONDERSKRYF WORD	22
3.8	REDES WAAROM VAKBOND SE PRIMÊRE FUNKSIE NIE ONDERSKRYF WORD NIE	23
3.9	REDES TEN GUNSTE VAN 'N POLITIEKE FUNKSIE	24
3.10	REDES TEEN 'N POLITIEKE FUNKSIE	24
3.11	WHEN WORKERS STRIKE, THE GOVERNMENT SHOULD INTERFERE AND FIND A SOLUTION TO THE PROBLEM	25
3.12	REDES WAAROM STAAT MOET INMENG	26
3.13	REDES WAAROM STAAT NIE MOET INMENG NIE	26
3.14	THE GOVERNMENT HAS A RESPONSIBILITY TO ENSURE THAT THERE IS A JOB AVAILABLE FOR EVERY CITIZEN	28
3.15	REDES WAAROM DIE STAAT AAN ALMAL WERK MOET VOORSIEN	28
3.16	REDES WAAROM DIE STAAT NIE AAN ALMAL WERK MOET VOORSIEN NIE	28
3.17	REDES WAAROM BEVOLKINGSGROEI NIE WERKGELEENTHEDE BEÏNVLOED NIE	30
3.18	DIE ROL WAT SEKERE ASPEKTE IN DIE GEBREK AAN BESIGHEDE EN WERKGELEENTHEDE IN SWART WOONGEBIEDE SPEEL	31
4.1	REDES AANGEVOER TEN GUNSTE DAARVAN DAT 'N PERSOON 'N BESTAAN MOET MAAK DEUR SY EIE ARBEIDSAAMHEID	33
4.2	REDES WAAROM HOOF VAN DIE HUIS ALLEEN VERANTWOORDELIK IS	35
4.3	REDES WAAROM ANDER LEDE VAN DIE GESIN OOK MOET HELP	36
4.4	REDES WAAROM FAMILIE EN KINDERS MOET HELP	38
4.5	WHEN A PERSON RETIRES MONEY TO LIVE ON MUST COME FROM THE GOVERNMENT	39

4.6	REDES WAAROM STAAT PENSIOENARISSE VAN GELD MOET VOORSIEN	40
4.7	REDES WAAROM PENSIOENFONDS GELD MOET VOORSIEN	41
4.8	REDES WAAROM GEEN GROND INDIWIDUEEL BESIT MOET WORD NIE	42
4.9	BUSINESS UNDERTAKINGS SHOULD BELONG TO PRIVATE PERSONS OR PRIVATELY OWNED COMPANIES	44
4.10	REDES WAAROM PRIVAATPERSONE EN -MAATSKAPPYE DIE EIENAARS VAN ONDERNEMINGS BEHOORT TE WEES	45
4.11	ANY NUMBER OF SIMILAR SHOPS SHOULD BE ALLOWED TO OPEN IN A SPECIFIC BUSINESS AREA	46
4.12	REDES TEN GUNSTE VAN VRYHEID VAN BESIGHEIDSBOEFENING	46
4.13	TEVREDENHEID MET BETROKKE BEVOLKINGSGROEP SE BESIGHEIDSBOEFENING IN SWART GEBIEDE	49
5.1	THE GOVERNMENT MUST PROVIDE FREE MEDICAL SERVICES FOR ALL	52
5.2	REDES WAAROM STAAT MEDIESE DIENSTE MOET VOORSIEN	52
5.3	THE STATE SHOULD OWN AND PROVIDE ALL THE HOUSING IN A COUNTRY	53
5.4	REDES WAAROM STAAT ALLE BEHUISING BEHOORT TE BESIT EN VOORSIEN	53
5.5	THE GOVERNMENT HAS A RESPONSIBILITY TO HELP SUPPORT FAMILIES, E.G. IN THE FORM OF CHEAP OR FREE HOUSING	55
5.6	REDES WAAROM STAAT HULP MOET VERLEEN	55
5.7	IF A MAN IS UNABLE TO FIND A JOB, HE SHOULD RECEIVE FINANCIAL ASSISTANCE FROM THE GOVERNMENT	57
5.8	REDES WAAROM STAAT HULP MOET VERLEEN	57
5.9	THE MORE SERVICES THE GOVERNMENT HAS TO PROVIDE, THE HIGHER TAXES GET	59
5.10	REDES WAAROM BELASTING NIE MOET TOENEEM NIE	59
5.11	IF THE GOVERNMENT NEEDS MORE MONEY FOR THE DEVELOPMENT OF THE INFRA-STRUCTURE, E.G. BLACK HOUSING OR EDUCATION, GST SHOULD BE INCREASED	60
5.12	REDES WAAROM AVB MOET TOENEEM	60
5.13	IF THE GOVERNMENT NEEDS MORE MONEY FOR THE DEVELOPMENT OF THE INFRA-STRUCTURE, E.G. BLACK HOUSING AND EDUCATION, TAXES OF THE HIGHER INCOME GROUP SHOULD BE INCREASED	61
5.14	REDES WAAROM HOë INKOMSTEGROP SE BELASTING VERHOOG MOET WORD	62
5.15	SAL DIE MINIMUMLOON HOër AS HUIDIGE SALARIS WEES?	64
5.16	THE PRICES OF ALL PRODUCTS SHOULD BE CONTROLLED BY THE STATE	65
5.17	REDES WAAROM STAAT ALLE PRYSE MOET BEHEER	66

DENDROGRAMME

		BLADSY
3.1	ONE OF THE FUNCTIONS OF A TRADE UNION SHOULD BE POLITICAL	24
3.2	THE HIGH RATE OF POPULATION GROWTH IS RESPONSIBLE FOR THE LACK OF JOB OPPORTUNITIES	29
4.1	ONE SHOULD EARN A LIVING MAINLY THROUGH YOUR OWN WORK AND EFFORTS	32
4.2	MONEY TO SUPPORT THE MEMBERS OF A FAMILY WHO ARE LIVING TOGETHER IN A HOUSE SHOULD BE PROVIDED BY THE HEAD OF THE HOUSE ONLY	34
4.3	OTHER MEMBERS OF THE FAMILY SHOULD ALSO, IN ADDITION TO THE HEAD OF THE HOUSE, PROVIDE MONEY FOR THE HOUSEHOLD	36
4.4	WHEN A PERSON RETIRES CHILDREN AND RELATIVES HAVE TO PROVIDE MONEY TO LIVE ON	38
4.5	NO LAND SHOULD BE INDIVIDUALLY OWNED	42
5.1	THE STATE SHOULD FIX A MINIMUM WAGE	64

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

In die Republiek van Suid-Afrika is die onderskrywing van die beginsels van 'n vryemarkstelsel verklaarde beleid. Onderliggend hieraan is die geloof dat die stelsel die grootste mate van ekonomiese welvaart vir burgers meebring; dat dit aan die individu die geleentheid gee dat sy materiële welvaart deur sy werkverrigting bepaal sal word omdat hy op gelyke voet met ander kan meeding. Kortom is dit die ekonomiese stelsel wat die demokratiese lewenswyse, met al sy unieke voordele vir die individu, die beste pas.

Die Swartman is onafskeidbaar deel van die ekonomie van die Republiek van Suid-Afrika en alhoewel die oorgrote meerderheid van die Blankes voorstanders van die vryemarkstelsel is, ontstaan die vraag of die Swartman ook die vryemarkstelsel onderskryf en aanvaar.

Die Voorsitter van die Rembrandt-Groep stel die vraag so: "Sal hulle (gekleurde volke) oor twintig jaar van hul wit rentmeesters sê dat hulle hul arbeid net vir eie gewin aangewend het sonder om aktief by hul ekonomiese opheffing betrokke te raak, of sal hulle in staat wees om die vrye ondernemingstelsel vir sy versierendheid en ontwikkelingsvermoë te te prys? As die vrye ondernemingstelsel, soos wat ons bevolkingsgroepe dit nou ervaar, nie in hul behoeftes voorsien en aan hul strewes voldoen nie, mag hul glo dat die kommunistiese stelsel meer sal bied" (Rupert, 1982 : 22). Die realiteit van na-koloniale Afrika dui inderwaarheid op die tendens van onafhanklike Swart state om 'n vorm van Afrika-sosialisme as politieke en ekonomiese stelsel te onderskryf.

'n Destydse Voorsitter van die Presidentsraad se Komitee vir Ekonomiese Sake spreek ook kommer uit oor die feit dat die huidige Staatsbeleid nie aan alle volke volle toegang tot die ekonomie bied nie (Van der Merwe, 1982). Hy handhaaf die siening dat dit 'n geval is van die vryemarkstelsel wat verkeerd geloop het en dat die Staat 'n plig het om dit reg te stel.

In aansluiting hierby stel die Voorsitter van die Barlow Rand-groep dat "... it would be a great mistake ... to work on the assumption that the free enterprise system will for all time automatically and irrevocably be in force in this country - that it will unquestionably be accepted by all population groups as the best economic system" (Rosholt, 1983 : 4).

In hierdie konteks ontstaan die vraag dan wat die Swart leiers-element se standpunt in die verband is. Die President van die National African Federated Chamber of Commerce sê dat "To speak of a totally free market oriented system, within the constraints of the existing socio-economic order in South Africa, is quite obviously to conceptualise a reality that is far removed and therefore impossible to attain" (NAFCOC, 1982 : 1). Ook sê 'n lid van die NAFCOC-afvaardiging wat aan die Presidentsraad 'n voorlegging oor die vryemarkstelsel maak, dat "... free enterprise, as today amongst Blacks, is just a mouth service" (Mamfanya, 1982 : 46). NAFCOC (1982 : 1-7) handhaaf voorts die standpunt dat die Swartman in toenemende mate ontnugter raak met die vryemarkstelsel. Hy assosieer dit met rassediskriminasie, onbevredigende werksomstandighede, lae lône, ongelyke verdeling van inkomste; kortom sien hy dit as 'n gevoellose, uitbuitende stelsel. NAFCOC meen dat die Swartman die vryemarkstelsel-aan die hand van die vrugte wat hy daarvan pluk beoordeel en hy dus 'n negatiewe persepsie daarvan vorm.

Ook ander Swart leiersfigure ondersteun die NAFCOC-standpunt maar dit is die mening van individue en die vraag bly dus steeds staan oor wat die Swartman se persepsie van die vryemarkstelsel in werklikheid is. Die belang van hierdie vraag kom veral na vore wanneer gekyk word na die rol wat die Swartman reeds in die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie speel. Dit is teen dié agtergrond dat begrip gevorm kan word van sy huidige en potensiële invloed op die ontwikkeling van die RSA se ekonomie.

Die implikasie van die deurlopende verandering wat in die Blank-Swart getalverhouding plaasvind, is dat die Swartman toenemend in 'n posisie kom waar hy, bloot op grond van die getalle-oormag, 'n stempel op die aard van die arbeidstelsel in die besonder, en die ekonomiese stelsel in die algemeen, kan afdruk.

Die grootste konsentrasie ekonomies bedrywige Swartes kom in die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek-kompleks voor, soos blyk uit die 1982-jaarverslag van die NMK. Inderwaarheid verteenwoordig hierdie groep 12 % van die Republiek se totale ekonomies bedrywige bevolking; 18,5 % van die Republiek se Swart ekonomies bedrywige bevolking en byna 75 % van die Swart ekonomies bedrywige bevolking, wat in die Republiek se vier belangrikste nywerheidsentra voorkom (berekeninge gegrond op 1980-sensus). Dit is dus te verwagte dat die Swart gemeenskap in die PWV-kompleks as 'n belangrike meningvormende element van die Swart gemeenskap in sy geheel gesien, sal dien.

Die Blanke se persentuele aandeel in elke beroepsgroep sal na raming tussen 1977 en 1987 'n daling toon (wat natuurlik nie beteken dat die absolute getalle afgeneem het nie), terwyl die Swartman se persentuele aandeel 'n toename ten koste van die Blanke sal toon. Namate die Swart witboordjiewerkerklas toeneem, kan verwag word dat hierdie groep werkers in toenemende mate krities na die vryemarkstelsel sal begin kyk. Dit kan eerstens aan hul toename in onderwyspeil (Terblanche en Jacobs, 1983 : 29-42) en tweedens aan die meer gevorderde werksvlak waarop hulle blootstelling aan die stelsel verkry, toegeskryf word. Dit sal onrealisties wees om te verwag dat hierdie groep inkonsekwente toepassing van die vryemarkstelsel sonder meer sal aanvaar. Dit is ook te verwagte dat hierdie groep se standpunte sal deursuur na lede van die laer-status beroepe.

Die voorgaande gee 'n bondige oorsig van die toenemende mate waarin die Swartman as 'n faktor in ekonomiese ontwikkeling, en ook in die aard van sodanige ontwikkeling, na vore kom. Ten einde te verseker dat daar maksimum voordeel vir beide Blank en Swart uit hierdie ekonomiese interafhanklikheid voortspruit, is dit nodig dat beide groepe dieselfde ekonomiese ideologie sal onderskryf en nastreef. In hierdie verband bestaan daar nie twyfel oor die meerderheid Blankes se steun aan die vryemarkstelsel nie. Voortspruitend hieruit is die doel van hierdie ondersoek om te bepaal wat die Swartman se persepsie van die vryemarkstelsel is, met ander woorde of hy dit sien as 'n stelsel wat vir hom ekonomies voordelig is.

1.2 DIE BEGRIP VRYEMARKSTELSEL

Die begrip vryemarkstelsel word vry algemeen in die daaglikse omgangstaal gebruik om na 'n wye verskeidenheid van aspekte, wat op een of ander wyse op die Suid-Afrikaanse ekonomiese samelewing betrekking het, te verwys. Uit die aard van die saak laat dit ruimte vir elke individu om sy eie interpretasie aan die begrip te heg. Beukes en Fourie (1983 : 42) wys byvoorbeeld daarop dat die begrip vryemark vir die sogenaamde liberale skool inderwaarheid laissez faire met selfs magsblokke en monopolieë beteken. Daarenteen sien die breë publiek die vryemarkstelsel as 'n ekonomiese stelsel wat aan elke individu die maksimum geleentheid tot ekonomiese uitlewing bied.

Die vryemark is 'n generiese term wat geen presiese betekenis dra nie. Vir die doeleindes van hierdie verslag sal die term "vryemark" soos vir gebruik, nader omskryf word.

'n Wye verskeidenheid definisies van die vryemarkstelsel word in die literatuur aangetref. Hoewel sommige definisies oor die begrip "kapitalisme" en andere oor die begrip "vryemark" handel, verwys dit inderwaarheid na een en dieselfde stelsel (Viljoen 1974 : vii; De Wet, 1978 : 15). Die begrippe word dan in hierdie ondersoek as sinoniem gesien. Lombard (1982 : 58) wys daarop dat die begrip "kapitalisme" 'n skepping van Marx was om 'n negatiewe, uitbuitende beeld van die vryemarkstelsel daar te stel. Om enige moontlike soortgelyke konotasies wat aan die begrip geheg kan word, uit te skakel, sal die begrip vryemarkstelsel deurgaans in die ondersoek gebruik word.

Soos reeds uit die voorgaande blyk, leen die begrip vryemark hom tot 'n wye verskeidenheid van uiteenlopende interpretasies. Vir elke moontlike interpretasie word daar ook 'n paslike definisie bygehaal. Die Presidentsraad (1984 : 3; 9-25) wys op die probleem, juis vanweë die voorgenoemde verskeidenheid van interpretasies wat daar bestaan, om 'n algemeen aanvaarbare definisie van die begrip daar te stel. McConnel (1975 : 42) stel dat dit van veel meer analitiese waarde is om die basiese onderskeidende elemente, wat die funksionering van die stelsel moontlik maak, te identifiseer. Verskillende skrywers lê klem op

verskillende elemente; soos private eiendom, individuele vryheid, vryheid van keuse, vryheid van ondernemerskap, mededingende markte; winsmotief, aansporingsmiddele, investering, eie belang as die dominante motief, die prysstelsel, die beperkte rol van die owerheid, wetlike afdwingbaarheid van kontrakte, die ekonomiese mens-beginsel, inisiatief en so meer (vgl. McConnel 1975 : 42; Tucker 1975 : 65; Willis en Primack 1977 : 625; Loucks 1966 : 22-37; Goldman 1964 : 33; Franzen en Reynders 1966 : 7; De Wet 1980 : 23, 36, 84, 85, 94).

Ten spyte van al die omskrywings blyk dit uit die literatuur dat die stelsel wesenlik drie kenmerke het, naamlik:

- (a) 'n basiese aanvaarding van sekere ekonomiese realiteite;
- (b) beklemtoning van die rol van die individu in die ekonomie en
- (c) minimum inmenging van die kant van die Staat.

Die ondersoek oor die Swartman se persepsie van ekonomiese stelsels sal dan ook op die drie aspekte fokus.

HOOFSTUK 2

NAVORSINGSONTWERP EN BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGGROEP

2.1 METODE VAN ONDERSOEK

2.1.1 Die vraelys

Die doel van hierdie studie is om die Swartman se persepsie van die vryemarkstelsel te ondersoek. Die data is met behulp van gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n vraelys ingesamel.

Om 'n relatief vae begrip soos die vrye mark in 'n gestruktureerde onderhoud raak te vat is problematies en riskant. Aan die ander kant is daar die probleem met 'n beter alternatief. Ten spyte van 'n veelheid dissiplines en teorieë in die geesteswetenskappe, is die metodologieë wat tot die beskikking van die navorsers is, beperk en die metode wat hier gebruik is, het die voordeel dat 'n relatief groot getal persone ondervra kan word.

In die vraelys (bylae 1) is van die gesloterespons-metode op 'n 5-puntskaal gebruik gemaak, waarna die respondent sy respons kortliks moes motiveer. Die rede hiervoor is om soveel moontlik van die fasette waarop sy persepsie van die vryemarkstelsel gegrond is, bloot te lê. Elke vraag is in Engels, Zoeloe en Tswana gestel om taalkommunikasieprobleme tot die minimum te beperk. Vir ontledingsdoeleindes is die response 1 en 2 asook 3 en 4 op die 5-puntskaal saamgevoeg.

Die vraelys se samestelling is uiteraard gevorm deur die doel van die studie en kan in die volgende afdelings verdeel word:

- (a) biografiese inligting
- (b) sekere ekonomiese werklikhede
- (c) rol van die individu
- (d) rol van die Staat.

Die dienste van vier voltydse werknemers van die RGN se Sentrum vir Navorsings- en Opleidingsdienste (SENOD) is verkry. Hierdie werknere-

mers is opgelei in die gebruik en toepassing van die vraelys, wat tot op daardie stadium slegs vir geslote response voorsiening gemaak het. Elk van die werknemers het vyf vraelyste vir toepassing in die veld ontvang. Die voltooide vraelyste is ontleed en die vraelys is, waar nodig, gewysig. Die terugvoer het ook daarop gedui dat respondente oor die algemeen bereid is om 'n motivering ter staving van hul respons op die geslote vrae te gee.

2.1.2 Die steekproef

Op grond van praktiese oorwegings (koste en hanteerbaarheid) kon 'n nasionale steekproef nie getrek word nie. Soos genoem, kom bykans 75 % van die ekonomies bedrywige Swart bevolking in die vier vernaamste stedelike komplekse, naamlik die PWV-kompleks voor. Dit is ook algemeen bekend dat die Republiek van Suid-Afrika se ekonomiese hartklop in die PWV-kompleks geleë is en daarom behoort persone wat in die gebied woonagtig is, maksimum blootstelling aan die vryemarkstelsel te geniet. Om hierdie redes is dan besluit om die ondersoek in dié gebied te doen.

Die PWV-kompleks omvat "die sentraal-suidelike Transvaalse stedelike agglomerasie, asook Sasolburg in die Noord-Vrystaat en die buiteliggende distrikte van Brits, Cullinan, Bronkhorstspruit, Delmas, Balfour en Oberholzer. Dit kan omskryf word as 'n kruisvormige stedelike kompleks, bestaande uit liniêre ontwikkelingsasse wat onderskeidelik boogvormig vanaf Heidelberg in die suid-ooste tot by Carletonville in die weste, en van Pretoria in die noorde tot by Sasolburg in die suide strek" (Kantoor van die Eerste Minister 1981 : 5).

Die bevolkingsensus van 1980 (Verslag No. 02-80-01) is gebruik om 'n proporsionele verhouding van die 26 landdrosdistrikte waaruit die kompleks bestaan, in die onderskeie gebiede te bepaal.

Sommige van die distrikte is nie vir die trek van die steekproef gebruik nie. Die Cullinan-landdrosdistrik word as nie-stedelik geklassifiseer (Dept. van Statistiek) en is derhalwe nie by die steekproef ingesluit nie. Die landdrosdistrikte van Randburg en

Roodepoort is ook nie by die steekproef ingesluit nie, omdat die landdrosdistrik van Johannesburg genoegsaam verteenwoordigend en tipierend van die twee betrokke gebiede is; binne die Germiston-landdrosdistrik is daar geen Swart woonbuurtes nie.

Persone wat in kampongs en hostelle in die betrokke gebiede woonagtig is, is ook uitgesluit aangesien hul nie noodwendig permanent in die stedelike gebied werk nie en dus moontlik meer plattelandgeoriënteerd is.

Aangesien dit hoogs onwaarskynlik is dat persone onder die ouderdom van 18 jaar werklik in 'n posisie is om op grond van persoonlike ervaring, 'n eie persepsie van die vryemarkstelsel te kan vorm, is hul by die ondersoekgroep uitgesluit. Persone ouer as 65 jaar is uitgesluit omdat hul oor die algemeen aftree-ouderdom bereik het en gevolglik buite die dinamiek van die deurlopende veranderende ekonomiese stelsel staan.

Tabel 2.1 toon die omvang van die steekproef aan. In die gebiede wat as gevolg van verwagte homogeniteit as 'n groep aangedui word, byvoorbeeld Benoni, Springs en Alberton, is een van die gebiede in die groep ewekansig gekies. Die wooneenhede in elke gebied wat by die steekproef ingesluit is, is ook ewekansig gekies.

2.1.3 Die veldopname

Vier voltydse werknemers (twee Blankes en twee Swartes) van die RGN se Meningspeilingsentrum (MPS) is opgelei in die toepassing van die vraelys. Hierdie werknemers het 135 van MPS se medewerkers in die onderskeie gebiede waar die ondersoek gedoen is, opgelei in die gebruik van die vraelys. Die medewerkers het vorige ondervinding van veldondersoeke en uit vorige navorsingsprojekte het dit geblyk dat hul bekwame en betroubare werkers is. Elke medewerker het 'n kaart van sy betrokke gebied ontvang. Verder is die adres van elke geselekteerde huis in sy betrokke gebied aan hom voorsien. Voorts is breedvoerige instruksies oor die gebruik van die vraelys aan elke medewerker voorsien. 'n Omslagvraelys is ook voorsien waar die respondent aan die hand van enkele vrae kommentaar oor die vraelys as sodanig, kon lewer. Die

medewerker moes ook alle inligting oor sy persoonlike logistieke aangeleenthede met betrekking tot die spesifieke onderhoud op die omslagvraelys aandui.

TABEL 2.1

STEЕКPROEF VIR DIE PWV-KOMPLEKS

Landrosdistrik	Inwonertal	Steekproef		
		N respondente	N	OSD's
Benoni	114 600			
*Springs	91 200			
Alberton	199 080			
SUBTOTAAL	404 880	341	17,0	23
*Boksburg	48 040			
Brakpan	31 760			
Nigel	28 640			
SUBTOTAAL	108 440	91	4,6	6
Vereeniging	50 620			
Sasolburg	20 080			
*Vanderbijlpark	247 200			
SUBTOTAAL	317 900	267	13,4	18
Krugersdorp	50 860			
*Westonaria	12 960			
Randfontein	30 620			
Oberholzer	95 460			
SUBTOTAAL	189 900	160	8,0	11
Bronkhorstspuit	3 260			
Balfour	9 620			
*Delmas	5 840			
Brits	7 340			
Heidelberg	10 540			
SUBTOTAAL	36 600	31	1,5	2
*Wonderboom	208 300	175	8,8	12
*Pretoria	89 820	76	3,8	5
*Johannesburg	827 520	696	34,8	46
*Kempertonpark	193 920	163	8,2	11
TOTAAL		2 000	100	134

*Ingesluit by die steekproef.

Die personeel van MPS asook die outeur het kontrole van die veldwerk gedoen en het die geselekteerde huise op 'n 1 uit 10 basis besoek om vas te stel of die veldwerker wel besoek afgelê en 'n vraelys ingevul het.

Die veldwerk vir die ondersoek het vanaf September tot November 1982 geduur.

Die samestelling van die steekproef was sodanig dat 'n maksimum van 2 000 onderhoude gevoer kon word. Altesaam 1 385 onderhoude is gevoer. By 313 punte was 'n respondent na vyf besoeke aan die spesifieke adres nog nie vir 'n onderhoud beskikbaar nie. By agt gevalle was die geselekteerde adres nie 'n huis of woonstel nie. Nege en negentig gevalle van weierings het voorgekom en by 195 punte het die veldwerkers nie besoek afgelê nie.

2.2 BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGROEP

Hierdie afdeling handel oor die biografiese eienskappe van die ondersoekgroep. Uit die 1 385 onderhoude wat gevoer is, is 1 160 aanvaarbare vraelyste verkry. Daar moet egter op gelet word dat in die ontledings die totaal deurgaans verander, aangesien dit gebeur dat respondente nie alle vrae beantwoord nie. Van die 1160 het 19 byvoorbeeld nie hul geslag aangedui nie.

2.2.1 Geslag en ouderdom

Die bevolkingsensus van 1980 lewer 'n man : vrouverhouding van 1 : 0,95 (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1982 : 1.9). Die ondersoekgroep se getalieverhouding is egter 1 : 1,5 wat toegeskryf word aan die feit dat medewerkers ook onderhoude gedurende normale werksure gevoer het wanneer meer vroue tuis is.

Uit tabel 2.2 blyk ook dat alle ouderdomsgroepe in die ondersoekgroep voorkom. Die ondersoekgroep se ouderdomspatroon stem grootliks ooreen met dié van die totale Swart bevolking van die RSA (Suid-Afrikaanse Statistieke 1982 : 1.18). Die oorgrote meerderheid (55,3 %) kom in die ouderdomsgroep 18-34-jaar voor.

TABEL 2.2
 GESLAG EN OUDERDOM VAN RESPONDENTE

Ouderdom	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
18-19	40	8,7	53	7,8	93	8,2
20-24	88	19,2	123	18,0	211	18,5
25-29	72	15,7	99	14,5	171	15,0
30-34	60	13,1	94	13,8	154	13,5
35-39	41	9,0	90	13,2	131	11,5
40-44	42	9,2	62	9,1	104	9,1
45-49	39	8,5	57	8,3	96	8,4
50-54	28	6,1	46	6,7	74	6,5
55-59	21	4,6	27	4,0	48	4,2
60-65	27	5,9	32	4,7	59	5,2
TOTAAL	458	100	683	100	1141	100

Ongespesifiseerd

19

2.2.2 Lengte van stadsverblyf

Respondente moes op die vraelys aandui hoeveel jaar hul al in 'n stedelike gebied woonagtig is. Die doel hiervan is om te bepaal in watter mate die respondent al aan 'n stedelike, industriële gemeenskap waarin die vryemarkstelsel 'n belangrike rol in die alledaagse lewe speel, blootgestel is. Vir interpretasie kan sodanige syfer egter misleidend wees. Aangesien die respondent se ouderdom ook 'n rol speel by die relatiewe tydperk wat hy al in 'n stedelike gebied aan die vryemarkstelsel blootgestel is, is die persentasie van sy lewe wat hy al in 'n stedelike gebied woonagtig is, bereken deur die getal stadsgare te deel deur ouderdom, te vermenigvuldig met 10 en te benader tot die naaste heelgetal.

Die stedelike permanensie van die ondersoekgroep word duidelik deur tabel 2.3 weerspieël - in der waarheid is 45,7 % van die ondersoekgroep alreeds meer as 90 % van hul lewensjare in 'n stedelike gebied woonagtig. Daar kan dus verwag word dat die ondersoekgroep op grond van hierdie blootstelling, al 'n redelike aanvoeling of beeld van die ekonomiese stelsel waarin hul leef, kon gevorm het.

TABEL 2.3

PERSENTUELE LEWENSGEDEELTE IN 'N STEDELIKE GEBIED WOONAGTIG

Persentasie	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
<10	22	4,9	39	5,9	61	5,5
10-19	12	2,7	23	3,5	35	3,2
20-29	17	3,8	30	4,5	47	4,2
30-39	29	6,5	44	6,6	73	6,6
40-49	30	6,7	45	6,8	75	6,8
50-59	38	8,5	57	8,6	95	8,6
60-69	35	7,8	45	6,8	80	7,2
70-79	32	7,2	36	5,4	68	6,1
80-89	30	6,7	37	5,6	67	6,0
90-100 %	201	45,1	307	46,3	508	45,8
TOTAAL	446	100	663	100	1109	100

Ongespesifiseerd

19

2.2.3 Onderwyspeil

Tabel 2.4 dui die onderwyspeil van die ondersoekgroep aan.

TABEL 2.4

ONDERWYSPEIL VAN RESPONDENTE

Onderwyspeil	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Geen	14	3,1	47	6,9	61	5,3
Laerskool	140	30,6	235	34,4	375	32,9
St. 6	85	18,6	110	16,1	195	17,1
St. 7	57	12,4	87	12,7	144	12,6
St. 8	84	18,3	116	17,0	200	17,5
St. 9	30	6,6	36	5,3	66	5,8
St. 10	48	10,5	52	7,6	100	8,8
TOTAAL	458	100	683	100	1141	100

Ongespesifiseerd

19

Volgens tabel 2.4 het 62 % van die ondersoekgroep 'n skoolkwalifikasie van standerd 6 of hoër. Hierteenoor het 13,9 % van die Swart bevolking en 24,4 % van die ekonomies bedrywige Swartes in die res van die RSA en die Nasionale State, 'n soortgelyke skoolkwalifikasie (Suid-Afrikaanse Statistieke 1982 : 1.27). Die verskil kan toegeskryf word aan die feit dat die ondersoek in 'n stedelike gebied gedoen is, asook dat trekarbeiders en pendelaars by die ondersoekgroep uitgesluit is.

2.2.4 Inkomste en beroep

In tabelle 2.5 en 2.6 word die inkomste en beroepsverdeling aangetoon.

TABEL 2.5

INKOMSTE VAN RESPONDENTE (R per maand)

Inkomste Rand	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
≤199	80	23,2	272	63,1	352	45,4
200-299	122	35,4	96	22,3	218	28,1
300-399	88	25,5	42	9,7	130	16,8
400-499	38	11,0	14	3,2	52	6,7
≥500	17	4,9	7	1,6	24	3,1
TOTAAL	345	100	431	100	776	100

Wil nie bekend maak 113 252

Ongespesifiseerd

19

'n Relatief groot getal respondente wou nie hul inkomste bekend maak nie. Die relatief lae lone word ook in die beroepsbeoefening weer- spieël waar die grootste persentasie van die werkendes in die opera- teurs- of arbeiderskader aangetref word. Relatief tot die Swart arbeidsmag beoefen 'n groter persentasie van die ondersoekgroep "witboordjie"-werk.

TABEL 2.6

BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Beroep	Manlik		Vroulik		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Professioneel, semi-professioneel, tegnies, bestuur en administratief	25	5,5	55	8,1	80	7,0
Klerklik, verkope, eie diens	79	17,2	79	11,6	158	13,8
Vervoer en kommunikasie	73	15,9	8	1,2	81	7,1
Operateurs	24	5,2	34	5,0	58	5,1
Ambagsmanne en toesighouers	26	5,7	11	1,6	37	3,2
Arbeiders, myn- en steengroefwerkers	101	22,1	169	24,7	270	23,7
Skoliere en studente	58	12,7	73	10,7	131	11,5
Huisvroue, pensionarisse, werksoekend en fisies ongeskik	28	6,1	172	25,2	200	17,5
Buite arbeidsmag	39	8,5	74	10,8	113	9,9
Onbekend	5	1,1	8	1,2	13	1,1
TOTAAL	458	100	683	100	1141	100

Ongespesifiseerd

19


2.3 ONTLEDINGSTEGNIEKE

Die hoofontledingstegniek wat in die ondersoek gebruik is, is die CHAID-tegniek. Hierdie tegniek is lid van die familie van "Automatic Interaction Detection"-tegnieke.

Indien in 'n ondersoekgroep verskille bestaan tussen sub-populasies (bv. ouderdomsgroepe, inkomstegroepe, geslagte, ens.), sal dié tegniek die verskille uitwys en maak die resultate dit moontlik om 'n dendrogram op te stel.

Veronderstel daar word aan 'n ondersoekgroep gevra "Is u van mening dat X waar is?" en hulle kan met "Ja", "Nee" of "Onseker" reageer. Indien daar 'n beduidende verskil tussen byvoorbeeld die jonger en ouer respondente is, maak die resultate dit moontlik om die volgende hipotiese dendrogram op te stel.

IS U VAN MENING DAT X WAAR IS?



Uit die dendrogram kan afgelei word dat die subpopulasie wat 35 jaar en ouer is, meer geneig is om "Ja" op die stelling te antwoord.

Die stelling word gewoonlik die afhanklike veranderlike genoem en die ander veranderlikes (ouderdom, geslag, inkomstegroep ens.) is die verklarende veranderlikes.

In die ondersoek word die stellings of vrae in die vraelys as afhanklike veranderlikes gebruik. Die verklarende veranderlikes wat telkens gebruik is, is ouderdom, geslag, inkomstegroep, onderwyspeil en lewensgedeelte in stad deurgebring.

Hierdie ontledingstegniek het die voordeel dat slegs daardie verklarende veranderlikes waar beduidende verskille voorkom, in die dendrogramme opgeneem word.

HOOFSTUK 3

DIE ONDERSOEKGROEP SE SIENING VAN ENKELE VERANDERINGE OP DIE ARBEIDSFRONT EN ASPEKTE VAN DIE REALITEITE VAN DIE WERKSITUASIE

3.1 INLEIDING

Die Swartman het sedert 1979, met die bekendmaking van die aanbevelings van die Wiehahn- en Riekert-kommissies omvangryke veranderinge in sy werksrol ervaar. Beide hierdie kommissies het 'n geloof in die vryemarkstelsel as die stelsel wat die land tot die meeste voordeel sal strek, as uitgangspunt vir hul ondersoek gestel (Wiehahn-kommissie 1982 : 7; Riekert-kommissie 1978 : 2, 246). Die Wiehahn-kommissie (1982 : 7) meld inderdaad dat "... volle betrokkenheid by en deelname aan die bedryfsvryheidstelsel deur alle bevolkingsgroepe met so min Regeringsinmenging as moontlik nie alleen aan alle groepe 'n aandeel in die stelsel sal gee nie, maar ook hulle gemeenskaplike trou aan beide die stelsel en die land sal verseker". Getrou aan hierdie uitgangspunt van die Wiehahn-kommissie is wetgewing wat deur dié Departement van Mannekrag geadministreer word, sedertdien sodanig gewysig en aangepas dat die stedelike Swartman in terme van die Departement se wetgewing, tans in groter mate as voorheen op die arbeidsmark kan meeding.

'n Waarneming van die Riekert-kommissie (1978 : 245, 246) is egter op dié stadium van besondere belang, naamlik: "Die Kommissie is besonder skerp getref deur die uitgebreide, ingewikkelde en in vele opsigte versnipperde en oorvleuelende maatreëls, dit wil sê wette, regulasies, administratiewe voorskrifte en praktyke, wat op mannekragangeleenthede in Suid-Afrika betrekking het, en wat nie alleen 'n sterk institusionele karakter aan die arbeidsmark verleen nie, maar ook aanleiding gee tot allerlei markmislukkings, soos byvoorbeeld diskriminasie, arbeidstekorte of surplusse, die ontstaan van deelmarkte, loonpeile wat nie verband hou met produktiwiteit nie, gebrekkige mobiliteit - vertikaal en horisontaal - gebrekkige kennis van die arbeidsmark, die suboptimale allokasie van arbeid, die beperking van ekonomiese groei en ontwikkeling in sekere streke en sektore, ontevredenheid en frustrasie by werkers en werkgewers oor sommige maatreëls en die vertroebeling van volke-

reverhoudings as gevolg daarvan". Die markmislukkings wat die Rieker-kommissie identifiseer, is markmislukkings wat veral simptome is van die Swartman se posisie as deelnemer aan die vryemarkstelsel.

Die Regering meld in sy Witskrif (1979 : 1) oor die verslag van die Rieker-kommissie dat dit, gesien die omvang van die verslag, geruime tyd sal duur (en die praktyk bewys dit ook) om tot finale besluite oor die kommissie se aanbevelings te kom en dat dit gevolglik ook geruime tyd sal duur voordat met die implementering daarvan begin kan word. Dit beteken dat baie van die genoemde markmislukkings tans steeds bestaan al word dit in veel groter mate as vroeër nie meer deur wetgewing gesteun nie.

Die individu se persepsie van die ekonomiese stelsel waarin hy hom bevind, word egter gevorm teen die agtergrond van die probleme wat hy as mens binne die stelsel ervaar. Sy begrip en persepsie van die stelsel moet dus teen die agtergrond van sy probleme gesien word.

3.2 BELANGRIKSTE EKONOMIESE EN SOSIALE PROBLEME VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Die ondersoekgroep is gevra om aan te dui wat hul as hulle belangrikste ekonomiese en sosiale probleme sien (vraag 41). Die reaksie word in tabelle 3.1 en 3.2 gelys.

TABEL 3.1
BELANGRIKSTE EKONOMIESE PROBLEME

Probleme	N	%
Geldelike probleme	394	34,0
Salaris	170	14,7
Werkgeleentheid	123	10,6
Geleenthede in die ekonomie	103	8,9
Belasting	81	7,0
Behuising	47	4,1
Opleiding	31	2,7
Verskeidenheid ander redes	141	12,2
Onbeantwoord	69	6,0
TOTAAL	1159	100

Probleme wat direkte betrekking op geld (geldelike probleme en salaris) het, word deur 49 % van die ondersoekgroep as die vernaamste probleem aangedui. Die bevinding is in ooreenstemming met die Quotso-ondersoek wat aantoon dat geldelike probleme 63 % van stedelike Swartes se geïdentifiseerde probleme uitmaak (Lever 1978 : 201). Die daling in die persentasie kan waarskynlik gedeeltelik aan die relatief vinnige styging in Swart lone toegeskryf word. Die ander gemelde probleme soos werkgeleentheid, opleiding, behuising en deelname aan die ekonomie, staan nes geld in noue verband met persoonlike sekuriteit en die bevrediging van relatief basiese behoeftes. Ondersteuning van die vryemarkstelsel spruit grootliks voort uit 'n persoonlike oortuiging dat die stelsel maksimum geleentheid vir die bevrediging van die voorgenoemde behoeftes bied. Die toekomsproblematiek wat uit die geïdentifiseerde probleemareas voortspruit, is dat die Swartman inderdaad kan voel dat alternatiewe ekonomiese stelsels vir hom meer sekuriteit en geleentheid tot behoeftebevrediging sal bied.

TABEL 3.2
BELANGRIKSTE SOSIALE PROBLEME

Probleme	N	%
Onderwys anders (minderwaardig?) as dié van Blankes	195	16,8
Ontspannings- en sportfasiliteite	170	14,7
Behuising	121	10,4
Vermaak	104	9,0
Diskriminasie	83	7,2
Uitgesluit op sosiale gebied	64	5,5
Geld	52	4,5
Kerke	41	3,5
Welsyn	32	2,8
Politieke seggenskap	27	2,3
Verskeidenheid ander probleme	160	13,8
Onbeantwoord	110	9,5
TOTAAL	1159	100

Die ondersoekgroep identifiseer die kwaliteit van Swart onderwys as die grootste enkele probleemarea, maar sport- en ontspanningsfasiliteite is net 'n kort kop agter. 'n Onderzoek deur Brett en Morse (1975 : 156) toon dat 70 % van hul respondente van mening is dat onderwys die ding is waarna hul die meeste vir hulself en hul kinders in die lewe streef.

Muir en Tunmer (1965 :319-320) wys daarop dat baie Swartes onderwys as 'n middel beskou waardeur 'n beter salaris beding kan word. Indien hulle die onderwys wat hulle ontvang as minderwaardig beskou, dan hou dit die implikasie in dat die beter onderwys wat die Blanke ontvang, hom in 'n sterker bedingende situasie plaas. So 'n siening sal weinig bydra tot die bevordering van die vryemark-idee.

In die volgende paragrawe word aandag gegee aan die ondersoekgroep se siening van veranderinge op die arbeidstoneel. In Afrika en die meeste Wes-Europese lande neig die vakbonde sterk na die kant van die sosialisme en daarom dat daar ook spesifieke aandag geskenk word aan hul siening van die funksie van vakbonde. Verder word aandag gegee aan die skepping van werkgeleenthede en loonpeilbepaling.

3.3 DISKRIMINASIE IN ARBEIDSWETGEWING

Die verwydering van die meeste direk diskriminerende matriëls sover dit arbeidswetgewing raak, het die mededingende posisie van die Swart werker versterk. Wanneer 'n groep deur die wet van vrye kompetisie weerhou word, kan daar beswaarlik van so 'n groep verwag word om die idee van vrye kompetisie te ondersteun terwyl relatief vrye kompetisie in die arbeidsmark een van die kenmerke van die vryemarkstelsel is. Om te peil of die resente veranderinge as positief deur die ondersoekgroep ervaar is, is 'n stelling in dié verband ingesluit by die vraelys.

Op dié stadium is dit nodig om meer te sê oor die wyse waarop die resultate in die verslag aangebied word. Die vraelys is in Engels, Zoeloe en Sotho opgestel. In die aanbieding van die direkte reaksie van die groep op stellings (in die vraelys is grootliks van dié metode gebruik gemaak) in tabelle, word die stelling soos dit in Engels op die

vraelys voorgekom het, as opskrif vir die tabel gebruik. CHAID-ontledings is deurgaans gedoen en word net verstrek indien die ontledings verskille tussen sekere sub-groepe van die ondersoekgroep aantoon. Waar dit nie die geval is nie, word net die direkte reaksie verstrek.

Tabel 3.3 toon die reaksie van die ondersoekgroep op die stelling "Recent changes in labour legislation is good for Black people", en tabelle 3.4 en 3.5 gee die redes verstrek deur persone wat saamstem met die stelling of nie saamstem nie.

TABEL 3.3

RECENT CHANGES IN LABOUR LEGISLATION IS GOOD FOR BLACK PEOPLE

	N	%
Stem saam	407	39,4
Onseker	252	24,4
Stem nie saam nie	373	36,1
TOTAAL	1032	100

TABEL 3.4

REDES WAAROM DIT SWARTES TEN GOEDE STREK

	N	%
Skep meer geleenthede	82	20,3
Verbeter salarisse	72	17,8
Kan nou enige werk doen	58	14,4
Kry beter posisies as voorheen	49	12,1
Verbeter werksomstandighede	39	9,7
Lei tot meer tevredenheid	28	6,9
Kry steeds swaar	18	4,5
Sommige is goed	17	4,2
Verskeidenheid ander redes	36	8,9
Onseker	5	1,2
TOTAAL	404	100

TABEL 3.5
 REDES WAAROM DIT SWARTES NIE TEN GOEDE STREK NIE

Rede	N	%
Geen veranderinge is gemaak nie	107	30,0
Veranderinge is nie bevredigend nie	71	19,9
Diskriminasie in werksplek bestaan steeds	60	16,8
Tot almal, nie net Swartes, se voordeel	42	11,8
Veroorsaak probleme soos stakings	26	7,3
Nog nie gelyke salarisse ens. nie	20	5,6
Dra nie kennis daarvan nie	5	1,4
Vernietig kultuur	5	1,4
Onseker	21	5,9
TOTAAL	357	100

Die respondente is ongeveer gelykop verdeel tussen dié wat saam stem en dié wat nie saam stem nie, terwyl ongeveer 25 % streng gesproke neutraal staan. Laasgenoemde groep sal waarskynlik ook grotendeels dié insluit wat nie weet waaroor dit gaan nie. Die motiverings wat die groep wat saamstem vir hul reaksie aanvoer, draai grotendeels om die siening dat hul nou beter in staat is om op 'n ope arbeidsmark te kompeteer. Dit word weerspieël in redes soos "skep meer geleentheid", "kan nou enige werk doen" en so meer.

'n Opmerking is nodig oor die groepe wat redes aangevoer het soos "kry steeds swaar" en "sommige is goed", wat nie eintlik 'n rede vir 'n respons is nie. Hierdie soort reaksie kom redelik algemeen in die verslag voor. Die respondente het wel gesê dat hulle saamstem, maar het eerder hul instemming gekwalifiseer as 'n rede daarvoor verstrek. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die respondente hul antwoorde op 'n vyfpunt skaal kon verstrek en dat 4 en 5 in die ontleding saamgevoeg is om die groep wat saam stem te identifiseer. Dié wat 4 aangetoon het, het sekere voorbehoude en sulke redes is dus aanvaarbaar en logies. 'n Verdere algemene verskynsel is dat respondente wat saamstem met 'n stelling en dié wat verskil dieselfde rede verstrek. Die respondente reageer dus met "Ja, want ..." of met 'n "Nee, maar ...".

Die grootste groep van dié wat nie saamgestem het nie, is van mening dat daar geen verandering was nie of dat die veranderinge nie bevredigend is nie en dat diskriminasie nog steeds voorkom.

Dit is interessant dat daar wel 'n klein groepie is wat van mening is dat die veranderinge net probleme, soos stakings, veroorsaak.

3.4 FUNKSIE VAN VAKBONDE

3.4.1 Ekonomiese funksie van vakbonde

'n Uitvloeisel van die Wiehahn-kommissie se aanbevelings is dat Swartes soos alle ander werkers aan vakbonde kan behoort. Die vakbondbeweging spruit uit die besef van die werker dat hy as individu geen bedingingsmag teen kapitaal het nie, tensy die werkers as 'n kollektief optree. Die primêre funksie van die vakbond is om ter wille van sy lede te beding vir beter lone en werksvoorwaardes. Die siening van die respondente in dié verband word in tabel 3.6, 3.7 en 3.8 aangetoon.

TABEL 3.6
THE TRADE UNION'S AIM IS TO BARGAIN FOR BETTER
WORKING CONDITIONS AND SALARIES FOR ITS MEMBERS

	N	%
Stem saam	761	73,1
Onseker	181	17,4
Stem nie saam nie	99	9,5
TOTAAL	1041	100
Onbeantwoord	119	

TABEL 3.7
REDES WAAROM VAKBONDE SE PRIMÊRE FUNKSIE ONDESKRYF WORD

Rede	N	%
Dis hul doel	169	22,4
Vakbond kry salarisse verhoog	131	17,3
Los werkers se probleme op	126	16,7
Beskerm lede teen uitbuiting	108	14,3
Sien om na lede, ook buite werkverband	80	10,6
Vakbond verkry beter werksomstandighede	43	5,7
Verleen hulp gedurende moeilike tye	39	5,2
Sorg vir beter diensvoorwaardes	30	4,0
Los nie alle probleme op nie	26	3,4
Ander	4	0,5
TOTAAL	756	100

TABEL 3.8

REDES WAAROM VAKBOND SE PRIMÊRE FUNKSIE NIE ONDESKRYF WORD NIE

Rede	N	%
Nutteloos - doen niks vir lede nie	36	36,4
Los ander probleme ook op	18	18,2
Nie hul plig nie	8	8,1
Onregverdig - nie-lede word te na gekom	8	8,1
Slegs groter salaris	7	7,1
Reël verhouding tussen werkgewer en -nemer	7	7,1
Moet werk ook voorsien	5	5,1
Slegs beter werksomstandighede	4	4,0
Ander	6	6,1
TOTAAL	377	100


Die ondersoekgroep is baie duidelik ten gunste van vakbonde en die motiverings wat aangebied is, dui duidelik daarop dat die beskerming van ledebelange met alles wat dit inhou deur die groep voorop gestel word. Die vernaamste motivering van die groep wat nie saamstem nie is dat vakbonde niks vir hul lede doen nie. Die redes aangevoer deur die groep wat nie saamstem nie, toon dat baie van die groep beslis nie anti-vakbond is nie. Dit wil dus voorkom asof, sedert vorige RGN-navorsing (Terblanche 1983), die vakbond-idee tans baie meer steun geniet.

3.4.2 Politieke funksie van vakbonde

Vakbonde word ingevolge artikel 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge verbied om by politieke bedrywighede betrokke te wees. Die geskiedenis lewer egter afdoende bewys dat vakbonde in vele Westerse lande wel politieke verbintenisse het. In Afrika was vakbondbewegings in die voor-onafhanklikheidsfase baie kere frontorganisasies vir verbode politieke partye en die ANC en PAC het dit as duidelike doelwit om arbeid-bewegings vir politieke doeleindes te gebruik. 'n Stelling in die verband is in die vraelys opgeneem en die resultate word in Dendrogram 3.1 sowel as tabelle 3.9 en 3.10 aangetoon.

DENDROGRAM 3.1

ONE OF THE FUNCTIONS OF A TRADE UNION SHOULD BE POLITICAL



TABEL 3.9

REDES TEN GUNSTE VAN 'N POLITIEKE FUNKSIE

Rede	N	%
Om gelyke regte te verkry	43	14,5
Werkersprobleme neem 'n politieke kleur aan	32	10,8
Lei tot kollektiewe bedinging	30	10,1
Raak daaglikse lewe	18	6,1
Lei tot beter toekoms	16	5,4
Regering erken dit	13	4,4
Ongelukkig teen die wet	10	3,4
Sal Regering in toom hou	8	2,7
Verskeidenheid ander redes	31	10,4
Onseker	21	7,1
TOTAAL	297	100

TABEL 3.10

REDES TEEN 'N POLITIEKE FUNKSIE

Rede	N	%
Wet verbied dit	110	22,9
Ekonomiese funksie belangriker	81	16,8
Verkies om nie te antwoord	61	12,7
Politiek sal sake nie regmaak nie	55	11,4
Geen politieke funksie om te vervul nie	44	9,2
Sal verwarring veroorsaak	41	8,5
Mense moet gelyk behandel word	40	8,3
Nie belangrik nie	20	4,2
Onseker	29	6,0
TOTAAL	481	100

Byna 50 % van die ondersoekgroep meen dat vakbonde nie 'n politieke funksie behoort te vervul nie, aangesien dit teen die wet is. Ander redes wat genoem is, dui op 'n sienswyse dat die ekonomiese funksie die belangrikste is of dat die respondente nie 'n politieke funksie vir vakbonde sien nie. Hierdie saak is 'n sensitiewe een en daar was dan ook 'n relatief groot groep wat nie op die stelling gereageer het nie asook 'n groepie van 61 wat meen dat vakbonde geen politieke funksie het nie maar geen motivering vir hul antwoorde wou verskaf nie.

Die kwessie van gelyke regte en dus ook politieke regte is die ver- naamste motivering van dié wat wel van mening is dat vakbonde 'n poli- tieke funksie het. In dié sin word dan ook gesê dat werkerprobleme 'n politieke kleur begin aanneem. Onderliggend skyn dus die oortuiging te wees dat 'n verbetering van lewenskwaliteit uit 'n politieke funksie kan voortspruit.

3.4.3 Die staat se betrokkenheid by stakings

In die lande met 'n oorwegend vryemarkstelsel poog die staat om so min as moontlik direk by stakings betrokke te raak en is die staat se belang- rikste funksie "... om 'n raamwerk te skep waarbinne die partye in die privaatsektor werksaam sal wees ... Die basiese doelwit is die groot- ste mate van selfbestuur vir die privaatsektor ..." (Nasionale Manne- kragkommissie 1984 : 351). In Suid-Afrika het die staat in die jongste tyd nie die persone wat aan onwettige stakings deelgeneem het, vervolg nie. Die reaksie van die ondersoekgroep op 'n stelling in verband met die staat se rol in stakings verskyn in die tabelle 3.11 tot 3.13.

TABEL 3.11

WHEN WORKERS STRIKE, THE GOVERNMENT SHOULD INTERFERE AND FIND A SOLUTION TO THE PROBLEM

	N	%
Stem saam	637	56,1
Onseker	93	8,2
Stem nie saam nie	405	35,7
TOTAAL	1135	100

TABEL 3.12
REDES WAAROM STAAT MOET INMENG

Rede	N	%
Hul plig om 'n oplossing te vind	175	27,5
Sal die probleem gou oplos	109	17,1
Weet wat die oorsaaklike rede is	95	14,9
Omrede hy hoof van die land is	80	12,6
Is die vredemaker	71	11,2
Sonder hul inmenging sal staking nooit ophou nie	40	6,3
Verskeidenheid ander redes	62	9,7
Onseker	5	0,8
TOTAAL	637	100

TABEL 3.13
REDES WAAROM STAAT NIE MOET INMENG NIE

Rede	N	%
Werkgewers en werknemers moet die probleem oplos	187	46,9
Regering weet nie wat die oorsaak is nie	72	18,1
Lei tot politieke krisis	31	7,8
Staat gee aanleiding tot stakings	23	5,8
Bestuur en vakbond moet die krisis oplos	21	5,3
Nee - want die mense wil staak	12	3,0
Verskeidenheid ander redes	53	13,3
TOTAAL	399	100

Die resultate toon dat 56,1 % van die ondersoekgroep ten gunste daarvan is dat die Staat 'n aktiewe rol sal speel en dus nie ten gunste daarvan is dat die Staat nie onbetrokke wil bly nie. Die motiverings wat vir die reaksie aangebied word, weerspieël 'n gevoel dat die Staat die mag het en dus ook die plig het om na die belange van die onderdane om te sien. Dit is dus sy plig en aangesien hy weet wat die oorsaak is, sal hy gou 'n oplossing vind. Onderliggend skyn daar ook 'n gevoel te wees dat stakings die werkers skade berokken en daarom moet daar gou 'n oplossing wees. Die grootste deel van die ondersoekgroep het dus nie

'n goeie idee van hoe die Staat in 'n vryemarkopset gewoonlik verkies om op te tree nie. Dié wat voel dat die Staat nie moet inmeng nie, toon 'n beter begrip van die situasie en is van mening dat dit die plig is van bestuur en werkers is om hul probleme self op te los.

3.5 SKEPPING VAN WERKGELEENTHEID

Die skepping van werkgeleenthede is vir Suid-Afrika van die grootste belang en oor die gevare van 'n onaanvaarbare hoë werkloosheidsyfer hoef seker nie eers geredeneer te word nie. Dit is egter ook so dat die formele ekonomie in Suid-Afrika, selfs nie in tye van hoofkonjunktuur, aan al die werksoekendes werk kan verskaf nie. Selfs in die geïndustrialiseerde Westerse lande met redelik stabiele bevolkings is werkloosheid nie meer slegs 'n sikliese nie, maar 'n strukturele probleem en stoei lande wat selfs lank reeds 'n sosialistiese benadering volg, met die hele probleem van bekostigbare sosiale sekuriteit. Die kapitalistiese filosofie is dat privaat inisiatief die beste genereerder van werkgeleentheid en rykdom is. Om te bepaal of die ondersoekgroep enigsins hierdie beginsel onderskryf, is 'n item oor die staat se rol in werkskepping in die vraelys opgeneem (vraag 8.1).

Die reaksie van die ondersoekgroep verskyn in tabelle 3.14 tot 3.16.

Byna drie-kwart van respondente sien die skepping van werkgeleenthede as 'n funksie van die Staat. In die huidige situasie van ernstige werkloosheid is die reaksie heel verstaanbaar, want so gou as wat 'n probleem te groot word vir 'n partikuliere groep (en dit maak nie saak uit wie die groep bestaan nie), word van die Staat verwag om in te gryp en 'n oplossing te vind. Dit is dus nie net die Swarte wat die regering as 'n tipe vaderfiguur sien nie. Die onmag van die owerheid in baie sfere word nie altyd besef nie en samehangend hiermee ook nie die feit dat die owerheid, soos 'n huishouding, nie bokant sy vermoë kan leef sonder om in die moeilikheid te beland nie.

TABEL 3.14

THE GOVERNMENT HAS A RESPONSIBILITY TO ENSURE THAT THERE IS A JOB AVAILABLE FOR EVERY CITIZEN

	N	%
Stem saam	830	73,7
Onseker	108	9,6
Stem nie saam nie	189	16,8
TOTAAL	1127	100

TABEL 3.15

REDES WAAROM DIE STAAT AAN ALMAL WERK MOET VOORSIEN

Rede	N	%
Eienaar van die land	189	23,5
Om werkloosheid te voorkom	138	17,2
"Ouerlike" plig van die Staat	132	16,4
Sodat almal geld het	131	16,3
Om volle indiensname en ontwikkeling te verseker	73	9,1
Werkloosheid veroorsaak misdaad	63	7,8
Omrede mens geld aan die Staat betaal	30	3,7
Verskeidenheid ander redes	25	3,1
Onseker	23	2,9
TOTAAL	804	100

TABEL 3.16

REDES WAAROM DIE STAAT NIE AAN ALMAL WERK MOET VOORSIEN NIE


Rede	N	%
Baie mense is werkloos	41	21,5
Dis die individu se verantwoordelikheid	36	18,9
Nie sy taak nie	31	16,2
Om werkloosheid te voorkom	27	14,1
Verskeidenheid ander redes	14	7,3
Net vir sekere groepe	14	7,3
In teorie doen hul dit, maar nie in praktyk nie	14	7,3
Onseker	14	7,3
TOTAAL	191	100

Die vaderfiguur wat die staat het, spreek duidelik uit die motiverings wat die groep wat met die stelling saamstem, aanbied. Die Staat is die eienaar van die land, hy het 'n oerlike plig en moet darem toesien dat almal geld het. Daar is ook die groep wat aanvoer dat misdaad deur werkloosheid in die hand gewerk word, iets wat tans in die Swart woongebiede 'n wesentlike probleem is en waarmee sommige van die respondente seker al eerstehands kennis gemaak het. Onder die groep wat nie saamstem nie, is die respondente wat meen dat dit nie die staat se plig is nie, maar die individu se verantwoordelikheid, verreweg in die minderheid. Die ondersoekgroep sien dus die bekampings van werkloosheid as die Staat se plig en as gevolg van die omvang van die probleem is dit onwaarskynlik dat die Staat hierdie plig, as gevolg van die omvang van die probleem, sal kan ontsnap.

Die werkloosheidsprobleem veral in Suid-Afrika, is minstens vir 'n groot deel die gevolg van die baie hoë aanwaskoers van die bevolking. Die ekonomie van die RSA volg in 'n groot mate dié van die Westerse lande. Ook hierdie lande wat redelik stabiele bevolkings het, het reeds etlike jare 'n werkloosheidsprobleem wat ook reeds struktureel van aard geword het. Alhoewel bevolkingsgroei ook positiewe effekte mag hê in die sin van die daarstelling van 'n groter mark, is die negatiewe effekte in die geval van Suid-Afrika oorheersend. Om te bepaal of die ondersoekgroep beseft toon vir die negatiewe effekte, is hulle gevra om op 'n stelling in dié verband te reageer (vraag 21.1).

DENDROGRAM 3.2

THE HIGH RATE OF POPULATION GROWTH IS RESPONSIBLE FOR THE LACK OF JOB OPPORTUNITIES



TABEL 3.17

REDES WAAROM BEVOLKINGSGROEI NIE WERKGELEENTHEDE BEÏNVOLOED NIE

Rede	N	%
Regering se skuld	120	29,3
Privaatsektor moet meer doen	55	13,4
Hoë bevolkingsaanwas is natuurlik	45	11,0
Meganisasie se skuld	26	6,4
As gevolg van te min opleiding	22	5,4
Geen ondernemings in Swart gebiede	21	5,1
Stem nie saam nie	19	4,6
Te veel Swartes vir beskikbare poste	17	4,2
Stem saam	16	3,9
Immigrante moet beheer word	15	3,7
Verskeidenheid ander redes	40	9,8
Onseker	13	3,2
TOTAAL	409	100

In die geval van hierdie stelling word die motiverings van die groep wat saamstem nie verskaf nie, omdat die motiverings slegs beaam wat die stelling sê. Die groep jonger as 45 jaar was meer geneig om met die stelling saam te stem as dié wat ouer as 45 jaar. Dit is egter ontstellend dat in laasgenoemde groep dié met st. 8 of hoër kwalifikasies minder geneig was om van die stelling te verskil. In totaal het net meer as 50 % wel met die stelling saamgestem.

Dié wat nie met die stelling saamstem nie, verskaf 'n verskeidenheid van motiverings. Die grootste persentasie meen dat dit die regering se skuld is. Ander is van mening dat die privaatsektor meer moet doen. Daar was ook 'n groep van 45 wat meen dat bevolkingsgroei natuurlik is, maar as persentasie van die totale groep wat op die stelling gereageer het is hulle maar min (4 %). Dit is interessant dat daar enkeles was wat meganisasie en immigrasie die skuld vir werkloosheid gee.

3.6 SIENSWYSE VAN DIE GROEP OOR DIE GEBREK AAN WERKGELEENTHEDE IN SWART WOONGEBIEDE

Swart stedelike komplekse het min van 'n eie ekonomiese basis en dien hoofsaaklik as arbeidsreservoirs. Die redes hiervoor is baie en dit

sou eensydig wees om beperkende wetgewing as die uitsluitlike rede hiervoor aan te voer. Dat werkreservering en die toendertydse sienswyse dat Swartes nie permanente inwoners van die gebiede is nie, ensovoorts, egter 'n rol gespeel het, is ook 'n uitgemaakte saak.

Om die sienswyse van die groep in dié verband te peil is 'n aantal stellings aan hulle voorgedra en is hulle gevra om aan te dui welke rol hulle meen die aspekte in die verband gespeel het (vraag 39).

Die reaksie van die ondersoekgroep word in tabel 3.18 opgesom.

Volgens die mening van die respondente is daar veral drie oorsake vir die gebrek aan besighede en werkgeleenthede, naamlik gebrek aan staatsondersteuning, beperkende wetgewing en gebrek aan opleiding.

TABEL 3.18

DIE ROL WAT SEKERE ASPEKTE IN DIE GEBREK AAN BESIGHEDE EN WERKGELEENTHEDE IN SWART WOONGEBIEDE SPEEL

Aspek	N	Rol wat aspek speel		
		Belangrik	Gemiddeld	Minder belangrik
		%	%	%
Gebrek aan opleiding	1151	63,1	9,2	27,7
Gebrek aan inisiatief van plaaslike bevolking	1148	47,2	19,2	33,6
Gebrek aan beleggings deur Blankes	1148	31,9	18,5	49,7
Nie genoeg staatsondersteuning nie	1149	60,5	16,7	22,8
Uitbuiting deur Blankes	1143	47,3	16,8	35,9
Beperking deur wetgewing	1130	60,6	17,9	21,5

Geen motiverings is vir hierdie response gevra nie.

Die ondersoekgroep se ervaring van hulle ekonomiese leefwêreld word in hierdie hoofstuk behandel. Die algemene beeld wat na vore kom is 'n geneigdheid om die oorsake van hul probleme buite hulself te soek en om die oplossing van die probleme dan ook van buite te verwag.

In die volgende hoofstuk word spesifiek gekyk na hul siening van die rol van die individu in die ekonomiese opset, omdat ten spyte van die feit dat 'n "volmaakte" vryemark nêrens aangetref word nie, die rol van die individu as skepper van rykdom in die vryemark algemeen aanvaar word.

HOOFSTUK 4

DIE ONDERSOEKGROEP SE SIENING VAN INDIWIDUALISME

Webster definieer indiividualisme onder andere as "a system or condition in which each individual works for his own ends, in either social, political or religious matters". Daar sou by die lysie ook "economic" bygevoeg kon word. Dit is in hierdie betekenis dat indiividualisme dikwels as 'n kenmerk van die vrymarkstelsel beskou word, veral in die sin dat die stelsel geleentheid vir die uitlewing van indiividualisme bied en dat, in teenstelling met ander stelsels, indiividualisme aktief aangevoedig word.

Onderliggend aan die begrip is dus die aanvaarding dat die individu die geleentheid gebied word om sy "eie ding te doen" en dan ook die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Diesiening slaan dan ook deur na 'n begeerte tot finansiële onafhanklikheid in terme van die persoonlike besit van eiendom en kapitaal wat deur eie pogings bekom word.


Items is dan ook in die vraelys opgeneem om die sienswyse van die ondersoekgroep oor hierdie verwante aspekte te probeer peil.

4.1 FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID

Die reaksie van die ondersoekgroep op die item "One should earn a living mainly through your own work and efforts" word in dendrogram 4.1 en tabel 4.1 aangetoon.

DENDROGRAM 4.1

ONE SHOULD EARN A LIVING MAINLY THROUGH YOUR OWN WORK AND EFFORTS



TABEL 4.1(a)

REDES AANGEVOER TEN GUNSTE DAARVAN DAT 'N PERSOON 'N BESTAAN MOET
 MAAK DEUR SY EIE ARBEIDSAAMHEID

Rede	N	%
Sonder werk kan mens nie leef	188	19,3
Dis eerlik om te werk	183	18,8
Mens moet vir jousef sorg; niemand anders sal jou help nie	271	27,9
Mens kry geld vir wat jy doen	132	13,6
Moet werk om jou omstandighede te verbeter	114	11,7
Niemand kan vir 'n ander werk nie	51	5,3
Verskeidenheid ander redes	27	2,8
Onseker	6	0,6
TOTAAL	972	100

TABEL 4.1(b)

REDES AANGEVOER TEEN DIE IDEE DAT 'N PERSOON 'N BESTAAN MOET
 MAAK DEUR SY EIE ARBEIDSAAMHEID

Verdien nie genoeg om selfversorgend te wees nie	34	26,4
Ongesikte persone kan nie werk nie	22	17,1
Elkeen vir homself	15	11,6
Sonder werk kan mens nie leef nie	13	10,1
Niemand kan vir homself werk nie	13	10,1
Daar is ander metodes	10	7,8
Onseker	8	6,2
Verskeidenheid ander redes	14	10,9
TOTAAL	129	100

Dendrogram 4.1 dui aan dat 80 % van die ondergroep positief staan teenoor die stelling en dat slegs onderwyspeil as verklarende veranderlike in die ontleding opgeneem is. Die rede hiervoor lê egter nie in verskille ten opsigte van die "ja" en "nee" response nie, maar wel in die "onseker" response. 'n Kleinere persentasie van die groep wat tot st. 6 of hoër gevorder het, het "onseker" response aangedui. Uit die ontleding kan dus nie veel afgelei word nie.


Wat duidelik uit die redes (tabel 4.1) spreek, is die feit dat die ondersoekgroep antwoord vanuit die daaglikse harde ekonomiese realiteite van hul bestaan. Redes soos "sonder werk kan jy nie leef nie" (m.a.w. jy het geen keuse nie) en "'n mens moet vir jouself sorg, niemand anders sal jou help nie", is sprekende voorbeelde hiervan.

Al rede wat 'n aanduiding kan gee dat van die respondente moontlikhede sien in eie pogings, is "mens moet werk om jou omstandighede te verbeter" wat deur 114 (12 %) van die "stem saam"-groep aangevoer is.

Die reaksie van die ondersoekgroep op die stellings "Money to support the members of a family who are living together in a house should be provided by the head of the house only" en "Other members of the family should also in addition to the head of the house, provide money for the household" (dendrogramme 4.2 en 4.3 sowel as tabelle 4.2 en 4.3), onderstreep ook die aspek dat die ondersoekgroep se persepsie van die ekonomiese stelsel waarbinne hulle verkeer, byna uitsluitlik gevorm word deur persoonlike omstandighede. Soiets is geensins vreemd aan enige groep waarvan die bevrediging van behoeftes nog grootliks gaan om die basiese soos voedsel, kleding en behuising nie.

DENDROGRAM 4.2

MONEY TO SUPPORT THE MEMBERS OF A FAMILY WHO ARE LIVING TOGETHER IN A HOUSE SHOULD BE PROVIDED BY THE HEAD OF THE HOUSE ONLY



TABEL 4.2(a)

REDES WAAROM HOOF VAN DIE HUIS ALLEEN VERANTWOORDELIK IS

Rede	N	%
Werkende familie moet ook help	295	94,6
Verskeidenheid ander redes	16	5,1
Onseker	1	0,3
TOTAAL	312	100

TABEL 4.2(b)

REDES WAAROM HOOF VAN DIE HUIS NIE ALLEEN VERANTWOORDELIK IS NIE


Almal moet 'n deel bydra	509	68,3
Lewenskoste te hoog - hoof kan nie alleen nie	189	25,4
Verskeidenheid ander redes	46	6,2
Onseker	1	0,1
TOTAAL	745	100

Dendrogram 4.2 toon dat 65 % van die ondersoekgroep nie saamstem met die stelling nie. Veel meer as dit lewer die dendrogram nie op nie, behalwe dat die persone wat 30 % of meer van hul lewe in die stad deurgebring het, in 'n groter mate geneig was om "nee" te antwoord op die stelling. Dit sal ook die groep wees wat 'n baie deeglike besef het van die eise wat stadslewe meebring asook van die vaste kostes wat dit inhou.

Die hoofrede wat die groep aanvoer wat saamstem, toon dat die patriargale kultuur van die Swarte tog nog 'n rol speel en die "rede" is dus meer 'n kwalifisering as 'n rede met ander woorde "Ja, hy is alleen verantwoordelik maar werkende familie moet ook help." Die groep wat nie saamstem nie, voer met slegs enkele uitsonderings aan dat waarskynlik as gevolg van die hoë lewenskoste, almal hul deel moet bydra.

DENDROGRAM 4.3

OTHER MEMBERS OF THE FAMILY SHOULD ALSO, IN ADDITION TO THE HEAD OF THE HOUSE, PROVIDE MONEY FOR THE HOUSEHOLD



TABEL 4.3(a)

REDES WAAROM ANDER LEDE VAN DIE GESIN OOK MOET HELP

Rede	N	%
Lewenskoste is te hoog	219	22,5
Om lewensomstandighede te verbeter	179	18,4
Is ook deel van huishouding	169	17,4
Moet familie ondersteun	163	16,8
Diegene wat werk moet help	117	12,0
Leer sodoende verantwoordelikheid	33	3,4
Hoof het hul groot gemaak - moet nou help	33	3,4
Verskeidenheid ander redes	59	6,1
TOTAAL	972	100

TABEL 4.3(b)

REDES WAAROM ANDER LEDE VAN DIE GESIN NIE MOET HELP NIE

Moet eie toekoms in gedagte hou	36	32,7
Het hul eie probleme	18	16,4
Hoof moet alles koop	18	16,4
Onseker	14	12,7
As hul vrywilliglik wil	7	6,4
Lewenskoste is te hoog	6	5,5
Die wat werk, moet help	4	3,6
Verskeidenheid ander redes	7	6,4
TOTAAL	110	100

In direkte aansluiting hierby wys die ontledings in dendrogram 4.3 en tabel 4.3 dat 85 % van die ondersoekgroep van mening is dat ander lede van die gesin gedeeltelik verantwoordelikheid vir die onderhoud van die gesin moet aanvaar en weer draai die redes om die ekonomiese situasie waarin die gesin hom bevind. Die redes waarom daar nie van die gesinslede 'n mede-verantwoordelikheid verwag kan word nie, gaan maar om dieselfde saak. Dit is interessant dat 'n klein groepie (33) van mening is dat die ander gesinslede, waarskynlik kinders, "verantwoordelikheid moet leer" met ander woord moet leer om selfonderhoudend te wees. Die tradisionele sienswyse van "hoof het hulle groot gemaak, nou moet hulle help," skemer ook deur.


4.2 VOORSIENING VIR AFTREDE

Volle finansiële onafhanklikheid hou ook in dat die individu die verpligting aanvaar dat hy gedurende sy ekonomies aktiewe lewe deur een of ander vorm van besparing voorsiening vir sy oudag maak. Daar word nie van kinders of die Staat verwag om die finansiële verpligting oor te neem nie. Dit is so dat alle moderne state sosiale sekuriteitsprogramme het en daar word aanvaar dat die Staat sekere verpligtinge in dié verband het. Die VSA en VK is voorbeelde van state waar pogings aangewend word om die verpligting van die Staat te verminder wanneer regerings, wat die vryemark-idee steun, aan bewind is. Die state probeer dan om deur die vermindering van belasting ekonomiese groei te stimuleer met die geloof dat dit meer mense in staat sal stel om selfversorgend te wees en op dié wyse minder van staatshulp afhanklik te maak.

Tradisioneel was dit die plig van die kinders om na ouers om te sien en was baie kinders dan ook 'n vorm van goeie assurance. Om te bepaal of hierdie siening nog voortleef, is die ondersoekgroep versoek om te reageer op die stelling "When a person retires children and relatives must provide money to live on" (bylae 10.1). Die reaksie van die ondersoekgroep verskyn in dendrogram 4.4 en tabel 4.4.

DENDROGRAM 4.4

WHEN A PERSON RETIRES CHILDREN AND RELATIVES HAVE TO PROVIDE MONEY TO LIVE ON



TABEL 4.4(a)

REDES WAAROM FAMILIE EN KINDERS MOET HELP

Rede	N	%
Familie het verpligting om mekaar te help	261	56,1
Ek het hul gehelp - hul moet my nou help	124	26,7
As familie dit kan bekostig	40	8,6
Ander partye se plig	27	5,8
Verskeidenheid ander redes	7	1,5
Onseker	6	1,3
TOTAAL	465	100

TABEL 4.4(b)

REDES WAAROM FAMILIE EN KINDERS NIE MOET HELP NIE

Familie het nie genoeg geld nie	158	28,5
Staat se plig	150	27,0
Self sorg	81	14,6
Pensioenfonds	58	10,5
Kinders moet nou vir hulself sorg	26	4,7
Hul wil nie help nie	20	3,6
Werkgewer se plig	18	3,2
Verskeidenheid ander redes	38	6,8
Onseker	6	1,1
TOTAAL	555	100

Tradisie speel steeds 'n sterk rol by diegene wat met die stelling saamstem. Hulle meen familie het 'n verpligting om mekaar te help want "Ek het hulle gehelp, nou moet hulle weer vir my help". Die ekonomiese situasie van die ondersoekgroep speel weer eens 'n rol in die reaksie van die ondersoekgroep, want hulle sê "die familie het nie genoeg geld nie" (28,5 % van die groep wat nie saamstem nie). Ongeveer 'n gelyke persentasie sê direk dat dit die Staat se plig is om te help. By ongeveer 'n kwart van die groep kom die idee van selfversorging ook in terme van pensioenfonds deur. Hoeveel van laasgenoemde groep siviele pensioene in gedagte het, is nie bekend nie. Die dendrogram toon dat die groep met 'n kwalifikasie hoër as st. 8 minder geneig is om met die stelling saam te stem.

'n Stelling dat dit die Staat se plig is om die uitdiensgetredene van geld te voorsien, is ook gemaak (vraag 9.1). Soos tabel 4.5 aantoon het die oorgrote meerderheid van die ondersoekgroep met die stelling saamgestem (80,8 %). Van die groep het ongeveer 'n derde as rede aangevoer dat dit die Staat se plig is, 'n verdere 14,3 % het gesê dat die Staat 'n plig het omdat hulle belasting betaal terwyl 3,1 % meen dat die Staat baie geld het. Dit is egter ook duidelik dat, van die groep wat gesê het dat daar geld van hul salarisse afgetrek word, pensioenskemas direk aan die Staat koppel. Die groepie wat dit duidelik stel dat voorsiening vir uitdienstreding die individu se verantwoordelikheid is, al is dit via 'n bydrae tot 'n pensioenskema, is klein.

TABEL 4.5
WHEN A PERSON RETIRES MONEY TO LIVE
ON MUST COME FROM THE GOVERNMENT

	N	%
Stem saam	918	80,8
Onseker	87	7,7
Stem nie saam nie	131	11,5
TOTAAL	1136	100

TABEL 4.6(a)

REDES WAAROM STAAT PENSIOENARISSE VAN GELD MOET VOORSIEN

Rede	N	%
Trek geld van ons salarisse af	374	40,8
Dis die Regering se plig	302	32,9
Ons betaal belasting	131	14,3
Die Regering het baie geld	28	3,1
As daar nie werk beskikbaar is nie	16	1,7
Verskeidenheid ander redes	52	5,7
Onseker	14	1,5
TOTAAL	917	100

TABEL 4.6(b)

REDES WAAROM STAAT PENSIOENARISSE NIE VAN GELD MOET VOORSIEN NIE

Werkgewer is verantwoordelik	39	29,5
Geld wat 'n fonds van die individu kry	28	21,2
Individu moet self voorsorg tref	27	20,5
Nie hul taak nie	18	13,6
Salarisse te laag om te kan spaar	8	6,1
Dan sal mense nie werk soek nie	4	3,0
Verskeidenheid ander redes	8	6,1
TOTAAL	132	100

Wanneer die groep egter direk gevra word oor die funksie van pensioene in die voorsiening vir die oudag, stem 90 % van die ondersoekgroep saam met die gedagte. Slegs 6 % ondersteun nie die idee nie. Die redes wat aangegee word is egter interessant in die sin dat, van die groep wat saamstem, slegs 14,1 % hul bydraes tot die fonds sien as 'n poging om vir die toekoms voorsiening te maak. Die oorgrote meerderheid se redes draai om die feit dat dit hulle geld is en dat hulle dit terug wil hê. In die algemeen word die pensioenbydraes dus eerder as 'n soort van verpligte besparing gesien en nie as 'n doelbewuste poging om vir die oudag voorsiening te maak nie (tabel 4.7).

TABEL 4.7(a)

REDES WAAROM PENSIOENFONDS GELD MOET VOORSIEN

Rede	N	%
Geld word afgetrek vir die doel	295	28,3
Dis ons geld en wil dit weer terug hê	271	26,0
Het 'n bydrae gemaak	249	23,9
Poging om vir die toekoms voorsiening te maak	147	14,1
Ja, plus 'n bydrae deur die Staat	38	3,6
Verskeidenheid ander redes	37	3,5
Onseker	6	0,6
TOTAAL	1043	100

TABEL 4.7(b)

REDES WAAROM PENSIOENFONDS NIE GELD MOET VOORSIEN NIE


Dis my geld, nie die pensioenfonds s'n nie	11	16,2
Ek het bygedra	10	14,7
Die Staat moet ook bydra	9	13,2
Het nie pensioenfonds nie	8	11,8
Mense tree af voor hul genoeg pensioen het	7	10,3
Afgetrekte geld kom my toe	3	4,4
Die Regering moet sy geld terugbetaal	3	4,4
Kinders sal voorsien	2	2,9
Regering en werkgewer moet die geld terugbetaal	2	2,9
Verskeidenheid ander redes	8	11,8
Onseker	5	7,4
TOTAAL	68	100

4.3 INDIWIDUELE EIENDOMSREG

Private grondbesit is een van die wyses waarop die individu binne die vryemark- of kapitalistiese stelsels vir homself kapitaal kan vorm en is 'n belangrike hoeksteen van die stelsel. Die ondersoekgroep se standpunt oor private grondbesit is bepaal deur 'n stelling in dié verband (vraag 15.1).

DENDROGRAM 4.5

NO LAND SHOULD BE INDIVIDUALLY OWNED



TABEL 4.8(a)

REDES WAAROM GEEN GROND INDIWIDUEEL BESIT MOET WORD NIE

Rede	N	%
Nie genoeg grond beskikbaar nie	176	34,0
Mense sal verkeerd optree as hulle eie grond besit	119	23,0
Mense moet gelyk wees	117	22,6
Sal nie ander probleme oplos nie	29	5,6
Sal vrede bring	18	3,5
Verskeidenheid ander redes	12	2,3
Onseker	46	8,9
TOTAAL	517	100

TABEL 4.8(b)

REDES WAAROM GROND INDIWIDUEEL BESIT MOET WORD

Indiwiduele eienaarskap beteken vryheid	100	20,9
Dra by tot ontwikkeling	86	18,0
Mense moet gelyk wees	80	16,7
Mense sal verkeerd optree as hulle eie grond besit	60	12,6
Gee trots	16	3,3
Almal kan nie grond bekostig nie	14	2,9
Verskeidenheid ander redes	49	10,3
Onseker	73	15,3
TOTAAL	478	100

Die meerderheid van die ondersoekgroep stem saam dat grond nie privaat besit moet word nie (dendrogram 4.5) en alhoewel die groep met 'n kwalifikasie hoër as st. 6 effens meer geneig is om dié sienswyse te steun, lê die groot verskil tussen die twee onderwyspeilgroepe in die dendrogram eerder in die groter persentasie "onsekeres" by die laer gekwalifiseerdes. Dié wat meen dat grond nie in privaatbesit moet wees nie, voer hoofsaaklik drie redes aan, waarvan die grootste persentasie (34,0 %) sê dat daar nie genoeg grond is nie. Dié deel van die ondersoekgroep sien hul ekonomiese realiteit dus as een wat deur skaarsheid gekenmerk word. Die ander twee groepe redes wat baie genoem word, sluit hierby aan. Om dus te verseker dat hierdie skaars hulpbron eweredig verdeel word en dat elkeen sy deeltjie kry, kan grond nie privaat besit word nie, anders gaan sommige alles inpalm terwyl ander niks het nie. So is daar ook die groep wat meen dat grond wel vir 'n deel besit moet word, maar wat ook waarsku dat mense verkeerd sal optree as dit wel gebeur. Die groep wat grondbesit voorstaan neig om eienaarskap met vryheid te assosieer. In die groep se konteks dui die rede "almal moet gelyk wees" waarskynlik op die feit dat ander wel grond mag besit.

4.4 DIE ROL VAN MEDEDINGING

Mededinging vind deurlopend op alle terreine van die sosio-kulturele geheel van die menslike bestaan plaas, en wel in so 'n mate dat Simmel (in Duke, 1976 : 107) dit stel dat "... competition is endemic in any organization." In die ekologie wentel mededinging byvoorbeeld om die geografiese, ruimtelike ordening van die mens; in die godsdiens om denominasies se verkondiging van hul oortuiginge en die invloed wat dit op lidmaat-syfers toon; in die ekonomie om die allokasie van relatief skaars middele. In die geheel gesien spruit mededinging op alle terreine van die sosio-kulturele samelewingsgeheel, uit die skaarsheid van universeel gesogte goedere, dienste en ander bronne van rykdom.

Die vryemarkstelsel is op die markmeganisme aangewys om hierdie relatief skaars goedere, dienste en ander bronne van rykdom tussen verskillende aanwendings te allokeer, dit wil sê, deur die proses van mededinging word beheer oor die genoemde faktore verkry (Heilbroner 1980 : 262). Uiteraard stel die vryemarkstelsel unieke eise aan die proses van mededinging, en hierdie eise sal vervolgens toegelig word.

'n Belangrike kwalifiserende faktor in die sukses van die proses, is dat daar vryheid van mededinging sal wees, dit wil sê, 'n afwesigheid van beperkinge op die toetrede tot die mededingingsproses. Die praktyk het geleer dat die vryheid van mededinging in die vryemarkwêreld, asook hier te lande, grootliks 'n teoretiese ideaal is wat nie prakties haalbaar is nie. Sekere inherente swakhede van die vryemarkstelsel verg byvoorbeeld staatsinmenging, soos blyk uit die voorkoming van ekonomiese konsentrasie in die vorm van monopolieë. Ten spyte van soortgelyke gevalle van gedwonge, geregverdigde inmenging, bly die oorheersende ideaal om steeds toe te sien dat soveel moontlik voordele van vrye mededinging behoue bly. Dit behels voordele soos 'n vryheid van keuse vir kopers, die vryheid van toetrede vir produsente, die vryheid van toetrede vir entrepreneurs, die vryheid van 'n werknemer om die werk te aanvaar wat aan hom die meeste voldoening bied, en veel meer.

Ten einde die voorgenoemde te realiseer, beteken dit in die praktyk dat individue en/of ander privaatsektorbelangegroepes, in hoofsaak, die eienaars van ondernemings sal wees.

Twee stellings in verband met die vryheid van mededinging is aan die ondersoekgroep gestel. Hierdie stellings was:

"Business undertakings should belong to private persons or privately owned companies", en

"Any number of similar shops should be allowed to open in a specific business area". Die reaksie word in tabelle 4.9 tot 4.12 verstrek.

TABEL 4.9
BUSINESS UNDERTAKINGS SHOULD BELONG TO
PRIVATE PERSONS OR PRIVATELY OWNED COMPANIES

	N	%
Stem saam	447	40,7
Onseker	194	17,7
Stem nie saam nie	457	41,6
TOTAAL	1098	100

TABEL 4.10(a)

REDES WAAROM PRIVAATPERSONE EN -MAATSKAPPYE DIE EIENAARS VAN
ONDERNEMINGS BEHOORT TE WEES

Rede	N	%
Aan enigiemand, dit hoort so	190	43,2
Maatskappye - hul beskik oor bestuursvaardigheid	48	10,9
Maatskappye - finansieel sterk	39	8,9
Sal tot almal se voordeel wees	36	8,2
Slegs aan privaatpersone	26	5,9
Sodat almal iets verdien om van te leef	15	3,4
As hulle in ons behoeftes kan voorsien	14	3,2
Slegs maatskappye	6	1,4
Verskeidenheid ander redes	53	12,0
Onseker	13	3,0
TOTAAL	440	100

TABEL 4.10(b)

REDES WAAROM PRIVAATPERSONE EN -MAATSKAPPYE NIE DIE EIENAARS VAN
ONDERNEMINGS BEHOORT TE WEES NIE

Aan enigiemand	95	20,9
Enigiemand wat dit kan bekostig	80	17,6
Maatskappye se sake loop altyd verkeerd	30	6,6
Indiwiiduele persone het 'n agterstand	30	6,6
Rykes moet toegelaat word om besighede te open	30	6,6
Sal tot publiek se nadeel wees	26	5,7
Moet aan die Staat behoort	26	5,7
Indiwiiduele persone het nie genoeg geld nie	24	5,3
Slegs privaatmaatskappye - finansieel sterk	22	4,8
Slegs indiwiiduele persone	16	3,5
Staat moet help	13	2,9
Teen die wet	8	1,8
Verskeidenheid ander redes	32	7,0
Onseker	23	5,1
TOTAAL	455	100

TABEL 4.11

ANY NUMBER OF SIMILAR SHOPS SHOULD BE ALLOWED
TO OPEN IN A SPECIFIC BUSINESS AREA

	N	%
Stem saam	304	26,5
Onseker	90	7,9
Stem nie saam nie	752	65,6
TOTAAL	1146	100

TABEL 4.12(a)

REDES TEN GUNSTE VAN VRYHEID VAN BESIGHEIDSBEOEFENING

Rede	N	%
Beter pryse	88	29,3
Beter diens	55	18,3
Sal in publiek se behoeftes voorsien	50	16,7
Groot vraag sal 'n verskeidenheid tot gevolg hê	31	10,3
Winkels sal dan naby geleë wees	25	8,3
Sommige sal verliese toon	21	7,0
Nie alle winkels sal ondersteun word nie	12	4,0
Irrelevante rede	10	3,3
Onseker	8	2,9
TOTAAL	300	100

TABEL 4.12(b)

REDES TEEN VRYHEID VAN BESIGHEIDSBEOEFENING

Sal nie genoeg wins maak nie	209	27,9
Verskeidenheid winkels is beter	180	24,1
Sal tot onnodige mededinging lei	86	11,5
Nie goed vir besigheid nie	73	9,8
Sal beperkte verskeidenheid artikels veroorsaak	70	9,4
Sal bydra tot beter diens	62	8,3
Moet naby geleë wees	39	5,2
Om in publiek se behoeftes te kan voorsien	17	2,3
Irrelevante rede	12	1,6
TOTAAL	748	100

Op grond van die redes wat die ondersoekgroep vir hul respons aangevoer het, moet die gevolgtrekking gemaak word dat daar nie veel peil op die reaksie, sover dit die konseptuele beginsel van vrye mededinging betref, getrek kan word nie. Soos in die geval met ander stellings, neig die groep sterk om hul antwoorde te motiveer uit die konkrete ervaringswêreld.

Daar is diegene wat eenvoudig sê dat dit so hoort, dat dit tot almal se voordeel sal wees. Sommige kwalifiseer hulle instemming en dui aan dat dit slegs aan privaatpersone moet behoort. Ander sê slegs aan maatskappye want laasgenoemde is finansieel sterk en beskik oor die bestuursvaardigheid. Van dié wat nie met die stelling saamstem nie huldig klaarblyklik dieselfde menings en interessant genoeg kom die kwessie van kapitaalkragtigheid weer voor. Dit gaan dus nie om die konsep van vrye mededinging nie, maar oor of die persoon dit kan bekostig. Die groepte wat meen dat die besighede aan die Staat moet behoort is ignoreerbaar klein. In die reaksie op die tweede stelling blyk ook weer dat die groep sterk neig om vanuit die realiteit te antwoord. Dié wat nie met die tweede stelling saamstem nie sê "hulle sal dan nie genoeg wins maak nie", of dat 'n verskeidenheid van winkels beter is. Daar is egter 'n aansienlike groep van dié wat met die stelling saamstem, wat duidelik die vryemarkbeginsel raaksien en beter diens en pryse aanvoer.

4.5 BEPERKING OP MEDEDINGING

In die RSA is daar verskillende regulerende maatreëls wat die deelname van die verskillende bevolkingsgroepe aan die ekonomie beïnvloed. Van hierdie maatreëls het lynreg teen die vryemarkbeginsel ingedruis.

Vroeëre maatreëls het Swart ondernemers byvoorbeeld tot slegs een onderneming beperk, die fisiese grootte van die gebou waarin die onderneming gehuisves word, voorgeskryf, bepaal watter produkte verkoop mag word en aan wie produkte gelewer mag word, dat slegs die eienaar die ondernemingswinst mag ontvang, ensomeer (Jackson 1977 : 16, 21). Dit is gevolglik te wagte dat daar 'n gebrek aan markkundigheid onder die stedelike Swart bevolking sal bestaan.

'n Uitvloeisel van die aanbevelings van die Riekert-kommissie (1978 : 249) wat op die bevordering van markkundigheid gemik is, is dat vennootskappe tussen Swartes aan die een kant en Blankes, Kleurlinge of Indiërs aan die ander kant, sedert 1980 aangegaan mag word. Dit is onderhewig aan die voorwaarde dat nie-Swart kapitaal tot 'n maksimum van 49 % en Swart kapitaal tot 'n minimum van 51 % aandeelhouing beperk word. Voorts kan die tydperk waarin nie-Swart kapitaal uit sodanige vennootskap onttrek word van geval tot geval verskil, maar nie 'n tydperk van 30 jaar oorskry nie. In die tydperk kan die Swart aandeelhouers te eniger tyd die aandeelhouing van die ander groepe oorneem.

Die gebrek aan markkundigheid spruit tweedens voort uit die feit dat Swartes tot so onlangs as gedurende die skryf van hierdie verslag, effektief deur die Wet op Groepsgebiede, No. 36 van 1966, verbied is om ondernemings in enige gebied behalwe hul eie te open. In die praktyk het dit die Swartes een van die mees fundamentele beginsels van die vryemarkstelsel ontsê. Na aanleiding van aanbevelings deur die Riekert-kommissie (1978 : 225) en die Strydom-komitee (1983 : 74), is die bogenoemde wet gewysig om wel vir Swart ondernemings buite Swart gebiede voorsiening te maak. Die verklaring van 'n gebied as vry handelsgebied word nou voorafgegaan deur stappe wat kragtens die wet op die instelling van enige groepsgebied van toepassing is. Plaaslike besture, georganiseerde liggame of selfs die verantwoordelike minister kan versoek dat 'n gebied as 'n vry handelsgebied verklaar word (Kotze, 1984 : 10).

Om te bepaal of die skeiding van besigheidsregte op grond van bevolkingsgroep 'n invloed het op die siening van die ondersoekgroep in verband met vryheid van mededinging sover dit die bevolkingsgroepe raak, is hulle gevra oor hoe tevrede hulle sou wees as verskillende groepe toegelaat sou word om besighede in hul gebiede te vestig. Die ondersoekgroep is nie versoek om redes vir hul response te verstrek nie.

TABEL 4.13

TEVREDENHEID MET BETROKKE BEVOLKINGSGROEP SE BESIGHEIDSBEOEFENING IN SWART GEBIEDE

Groep		Tevrede	Neutraal	Ontevrede	Totaal
SA Engelssprekend	N	386	217	550	1153
	%	33,5	18,8	47,7	100
Buitelanders	N	361	171	623	1155
	%	31,3	14,8	53,9	100
Kleurlinge	N	186	226	741	1153
	%	16,1	19,6	64,3	100
Owerhede	N	379	251	523	1153
	%	32,9	21,8	45,4	100
Indiërs	N	376	189	588	1153
	%	32,6	16,4	51,0	100
Enigiemand	N	500	253	396	1149
	%	43,5	22,0	34,5	100
SA Afrikaanssprekend	N	117	119	899	1135
	%	10,3	10,5	79,2	100

Tabel 4.13 toon dat die ondersoekgroep nie baie tevrede sou wees indien ander bevolkingsgroepe besighede in hul gebied sou vestig nie. Veral twee groepe kan in die verband uitgesonder word naamlik Afrikaanssprekendes en Kleurlinge. Die antipatie teen hulle is verstaanbaar en voor-die-handliggende redes vir die siening kan gelys word. 'n Reeks van die redes is histories gevestig. Volgens Swart persepsie was dit die Boere wat die land "afgeneem" het en dit is die Boere wat die wette wat as diskriminerend gesien word, gemaak het. Die arbeidsopset in die RSA is ook nog steeds in so 'n mate gestruktureer dat waar die Swarte met die burokrasie te doen kry, in staatsopset sowel as in die werkplek, die persoon op die ontmoetingsvlak en waarskynlik die wrywingsvlak gewoonlik Afrikaanssprekend is.

Die antipatie teen die Kleurling is egter nie maklik te verklaar nie. Interessant en ietwat teenstrydig is die relatief hoë positiewe respons wat die kategorie "enigiemand" kry, veral as in gedagte gehou word dat

die respondent sy siening oor elk van die groepe moes gee. Die "enigiemand" is uiteraard meer vaag as 'n gespesifiseerde groep met die gevolg dat groepsvooroordele minder sterk figureer.

HOOFSTUK 5

DIE ONDERSOEKGROEP SE SIENING VAN DIE ROL VAN DIE STAAT IN SOMMIGE ASPEKTE VAN DIE EKONOMIESE STELSEL

5.1 INLEIDING

Adam Smith het in sy "The wealth of nations" van 1776 dit reeds gestel dat die nastrewing van individuele voordele ook tegelyk die meeste rykdom vir die gemeenskap sou skep mits die Staat sy rol tot die minimum beperk. Dit het egter geblyk dat die ekonomiese bestel wat 'n suiwer vryemarkstelsel skep, nie sosiaal aanvaarbaar is nie. Individuele optrede en besluite, ook op die gebied van die ekonomiese, moes deur kollektiewe aksie, in terme van staatsoptrede getemper word.

'n Suiwer vryemarkstelsel bestaan dus nie en daar is min mense wat sou argumenteer dat die Staat geen rol in die ekonomiese lewe van sy burgers te speel het nie. Die Staat as die uitvoerder en in 'n sin die interpreteerder van die volkswil, hou sekere dienste, wat op gestelde sosiale doelwitte gemik is, in stand. Om die dienste in stand te hou hef hy belastinge wat duidelik 'n uitwerking op inkomeverdeling het. Hy belas naamlik dié wat het en deel dit uit aan dié wat nie het nie. Die verskil tussen 'n staat wat die vryemark-idee voorstaan en dié wat eerder 'n sosialistiese stelsel verkies, verskil in die opsig eerder in graad as absoluut. Verder lewer die Staat sekere funksies aan die ekonomie wat nie deur die private sektor gelewer kan word nie. Dit sluit onder andere infrastrukturele sowel as monetêre dienste in. Die voorstanders van die vryemarkstelsel gaan egter nog steeds van die veronderstelling uit dat ekonomiese ontwikkeling die beste gedy waar daar minimum staatsinmenging voorkom. Sover dit die versorging van die individu betref is dit nog steeds die uitgangspunt dat die individu sal poog om so selfversorgend as moontlik te wees en dat die Staat slegs hulp aan die onsuksesvolle individu sal verleen. Die ondersoekgroep se sienswyse in die verband is ten opsigte van die verskaffing van mediese dienste, behuising en werkloosheid gepeil.

5.2 SOSIALE VERPLIGTINGE VAN DIE STAAT

5.2.1 Verskaffing van mediese dienste

Die ondersoekgroep se reaksie op die stelling "The government must provide free medical services for all" verskyn in tabel 5.1 en die redes wat aangevoer word in tabel 5.2.

TABEL 5.1

THE GOVERNMENT MUST PROVIDE FREE MEDICAL SERVICES FOR ALL

	N	%
Stem saam	497	43,9
Onseker	110	9,7
Stem nie saam nie	526	46,4
TOTAAL	1133	100

TABEL 5.2(a)

REDES WAAROM STAAT MEDIESE DIENSTE MOET VOORSIEN

Rede	N	%
Net vir sekere groepe bv. gestremdes	117	24,7
Mediese dienste te duur vir die individu	98	20,7
Om werkers se gesondheid te verseker	81	17,1
Geld word afgetrek vir die doel	61	12,9
Staat se ouerlike plig	42	8,9
Betaal belasting	27	5,7
Verskeidenheid ander redes	39	8,2
Onseker	8	1,7
TOTAAL	473	100

TABEL 5.2(b)

REDES WAAROM STAAT NIE MEDIESE DIENSTE MOET VOORSIEN NIE

Staat kan dit nie bekostig nie	167	32,3
Net vir sekere groepe bv. gestremdes	146	28,2
Dokters moet 'n inkomste hê	56	10,8
Praktiese probleme	55	10,6
Geld vir mediese fonds word afgetrek	22	4,3
Mense moet self voorsien	10	1,9
Verskeidenheid ander redes	58	11,2
Onseker	3	0,6
TOTAAL	517	100

Alhoewel tabel 5.1 aantoon dat 43,9 % van die ondersoekgroep met die stelling saamstem, toon die redes wat verstrekkend is dat 'n aanmerklike persentasie van die groep sê "stem saam, maar net vir sekere groepe" en dat 'n verdere 12,9 % aandui dat geld vir die doel afgetrek word. Die meerderheid van die ondersoekgroep verwag dus nie van die Staat om vir almal vrye mediese dienste te verskaf nie, waarskynlik omdat die Staat dit nie kan bekostig nie. 'n Aansienlike persentasie van die ondersoekgroep besef dus dat die Staat nie oor onuitputlike geldelike bronne beskik nie.

5.2.2 Verskaffing van behuising

In bogenoemde verband is die ondersoekgroep gevra om te reageer op die stelling "The state should own and provide all the housing in a country". Tabelle 5.3 en 5.4 toon die reaksie van die ondersoekgroep op die stelling.

TABEL 5.3

THE STATE SHOULD OWN AND PROVIDE ALL THE HOUSING IN A COUNTRY

	N	%
Stem saam	681	61,1
Onseker	142	12,7
Stem nie saam nie	292	26,2
TOTAAL	1115	100

TABEL 5.4(a)

REDES WAAROM STAAT ALLE BEHUISING BEHOORT TE BESIT EN VOORSIEN

Rede	N	%
Staat moet behuisingstekort uitwis	218	32,8
Staat het al die geld	122	18,3
Staat beheer die huise	93	14,0
Ons is onder die Staat se beheer	56	8,4
Sal bevolking bevoordeel	46	6,9
Sodat almal dieselfde huise kan hê	43	6,5
Omrede ons belasting betaal	25	3,8
Verskeidenheid ander redes	58	8,7
Onseker	4	0,6
TOTAAL	665	100

(Vervolg)

TABEL 5.4(b)

REDES WAAROM DIE STAAT NIE ALLE BEHUISING BEHOORT TE BESIT EN VOORSIEN NIE

Rede	N	%
Mense wat kan moet eie huis besit	107	36,1
Het die beheer om dit te kan doen	42	14,2
Daar moet privaat-huiseienaars wees	37	12,5
Die Staat moenie alles besit nie	35	11,8
Staat kan dit nie bekostig nie	34	11,5
Beide Staats- en privaatbesit moet toegelaat word	11	3,7
Sal nie tot almal se voordeel wees nie	9	3,0
Mense kan nie Staat se hoë huur bekostig nie	9	3,0
Onseker	12	4,1
TOTAAL	296	100

Die oorgrote meerderheid van die ondersoekgroep (61,1 %) het aangedui dat die Staat alle behuising moet besit en voorsien. In lig van die reaksie van die groep op die voorsiening van mediese dienste is die persentasie verbasend hoog. In teenstelling ook met die reaksie op die vorige stelling het die Staat nou baie geld (18 %) en slegs 34 van die totale ondersoekgroep voer aan dat die Staat dit nie kan bekostig nie. Die meerderheid van die redes aangevoer deur die groep wat met die stelling saamstem, draai om die behuisingstekort en die siening dat dit die Staat se plig is om die tekort uit te wis en dat die Staat in alle geval die huise beheer. Die opvatting van die groep wat saamstem moet minstens gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die Staat tot so onlangs as 1978 eiendomsreg vir Swartes ontmoedig het. Die stedelike Swarte het dus "... nie met huiseienaarskap en die finansiële voordele van stygende waardes vertrouwd geraak nie" (Smit 1984 : 9). Hierdie standpunt van Smit word gesteun deur die feit dat slegs 13,6 % van die totale ondersoekgroep redes noem wat om privaatbesit wentel.

Die ondersoekgroep se siening van die Staat se behuisingfunksie is verder gevoer deur hul kommentaar te vra op 'n stelling dat die Staat 'n verantwoordelikheid het om aan gesinne hulp te verleen in die vorm van goedkoop of gratis behuising (vraag 25.1, bylae 1).

TABEL 5.5

THE GOVERNMENT HAS A RESPONSIBILITY TO HELP SUPPORT FAMILIES, E.G. IN THE FORM OF CHEAP OR FREE HOUSING

	N	%
Stem saam	699	62,1
Neutraal	132	11,7
Stem nie saam nie	295	26,2
TOTAAL	1126	100

TABEL 5.6(a)

REDES WAAROM STAAT HULP MOET VERLEEN

Rede	N	%
Baie mense is behoeftig en kan nie huise bekostig	197	28,3
Hul verantwoordelikheid want hulle beheer huise	138	19,9
Mense se salarisse te klein	106	15,3
Net sekere groepe bv. gestremdes	105	15,1
Sal behuisingstekort uitwis	87	12,5
Omrede mens belasting betaal	21	3,0
Verskeidenheid ander redes	34	4,9
Onseker	7	1,0
TOTAAL	695	100

TABEL 5.6(b)

REDES WAAROM STAAT NIE HULP MOET VERLEEN NIE

Goedkoop of gratis behuising bestaan nie	63	21,4
Staat kan dit nie bekostig nie	48	16,3
Net sekere groepe bv. weduwees, armes	37	12,5
Nie Staat se verantwoordelikheid nie	32	10,8
Sal negatiewe gevolge hê	25	8,5
Sulke goed bestaan nie	22	7,5
Mense behoeftig en kan huise nie bekostig nie	21	7,1
Wis nie behuisingstekort uit nie	14	4,7
Staat moet rente verminder	8	2,7
Verskeidenheid ander redes	25	8,5
TOTAAL	295	100

Die gedagte dat die Staat hulp in die vorm van goedkoop of gratis behuising, met ander woorde gesubsideerde behuising, moet verleen, word deur 62 % van die respondente ondersteun. In die groep het 28,3 % aangetoon dat mense behoefdig is en dit nie kan bekostig om huise te koop nie, terwyl 'n verdere 15,3 % aangetoon het dat hul nie genoeg verdien om huise te kan koop nie. In totaal dus kan 43,6 % van die genoemde respondente as gevolg van 'n gebrek aan geld, nie hul eie huise bekostig nie. In die praktyk word meer as 60 % van alle Swart huise sterk gesubsideer (Smit 1984 : 9), wat beteken dat Swartes oor die algemeen aan relatief goedkoop behuising gewoond geraak het (Steyn-komitee 1983 : 1). Wanneer hulle die huis koop, verval die subsidie en moet hulle maandeliks meer vir die huis betaal as wat die geval was terwyl hulle gehuur het. In terme van die historiese kostepatroon wat die gesubsideerde huur daargestel het, is dit dus verstaanbaar dat die meerderheid sal voel dat hulle nie nog meer in die vorm van maandelikse paaiemente kan betaal nie. Die siening dat dit die Staat se verpligting is omrede hul Swartes se huise beheer, is deur 'n verdere 19,9 % van die respondente geopper. Die feit dat die Staat in die praktyk wel in stedelike gebiede behuising aan Swartes voorsien, dra dus grootliks by tot die siening dat dit 'n normale staatsfunksie is. Die gedagte dat die Staat nie hulp in die vorm van goedkoop of gratis behuising moet verleen nie, is deur 26,2 % van die respondente ondersteun. Die grootste enkele motivering waarom dit nie gedoen moet word nie, naamlik 21,4 %, is dat goedkoop of gratis behuising nie bestaan nie. Die siening dat die Staat dit nie kan bekostig nie verteenwoordig 16,3 % van die motiverings, dat dit net sekere groepe mense toekom 12,5 % en dat dit nie die Staat se verantwoordelikheid is nie, 10,8 %. Laasgenoemde drie motiverings, wat die werklike kruks van die Staat se behuisingsfunksie in die vryemarkstelsel verteenwoordig, het in die geheel gesien, relatief min steun gekry. In die geheel gesien het die ondersoekgroep 'n verdraaide siening van die Staat se behuisingsfunksie.

5.2.3 Hulp aan werkloses

Die lande in die Weste het almal, ongeag die ekonomiese stelsel wat die regering van die dag voorstaan, een of ander vorm van voor-

siening vir die hantering van die werkloosheidsprobleem. In die RSA is daar ook sodanige voorsiening, maar dan slegs in beperkte vorm wanneer dit met die meeste van die Westerse lande vergelyk word. Uitbetalings word uit die fonds gemaak slegs aan diegene wat reeds tot die fonds bygedra het, wat beteken dat die begunstigde reeds 'n werk moes bekom het. Die ondersoekgroep se siening oor die Staat se rol in die voorsiening van hulp aan werkloos is gepeil deur die stelling "If a man is unable to find a job, he should receive financial assistance from the government". Die reaksie van die respondente verskyn in tabelle 5.7 en 5.8.

TABEL 5.7

IF A MAN IS UNABLE TO FIND A JOB, HE SHOULD RECEIVE FINANCIAL ASSISTANCE FROM THE GOVERNMENT

	N	%
Stem saam	675	60,0
Neutraal	111	9,9
Stem nie saam nie	340	30,2
TOTAAL	1126	100

TABEL 5.8(a)

REDES WAAROM STAAT HULP MOET VERLEEN

Rede	N	%
Regering moet toesien dat almal kan eet	148	21,9
Iemand moet vir werklose sorg, Staat se plig	129	19,1
Staat moet sorg vir genoeg werkgeleenthede	83	12,3
Betaal gelde aan Staat	81	12,0
Betaal werkloosheidsversekeringsfonds	62	9,2
Net sekere mense bv. gestremdes	57	8,4
Sodat persoon sy familie kan onderhou	50	7,4
Verskeidenheid ander redes	61	9,0
Onseker	4	0,6
TOTAAL	675	100

(Vervolg)

TABEL 5.8(b)

REDES WAAROM STAAT NIE HULP MOET VERLEEN NIE

Rede	N	%
Dan sal hy nie werk soek nie	86	26,0
Moet self 'n ander oplossing soek	50	15,1
Net sekere mense bv. gestremdes	45	13,6
Nie vir lui mense nie	36	10,9
Nie Regering se plig nie	30	9,1
Regering het nie genoeg geld nie	23	6,9
Hoofsaaklik Staat se plig	20	6,0
As jy probeer sal jy werk kry	15	4,5
Privaatsektor moet help	9	2,7
Verskeidenheid ander redes	11	3,3
Onseker	6	1,8
TOTAAL	331	100

Tabel 5.7 toon dat 60 % van die ondersoekgroep met die stelling saamstem. Gesien teen die agtergrond van die besondere werkloosheidsprobleme van die RSA kan die persentasie selfs as laag beskou word. Ongeveer 40 % van die redes wat aangevoer word, draai om die feit dat iemand immers vir die werkloos moet sorg want almal moet eet en daarom moet die Staat sorg vir werkgeleenthede. Daar is die groep wat saamstem, maar dit dan kwalifiseer met "net vir sekere mense". Laasgenoemde groep stem dus in wese saam met dié wat van die stelling verskil en die reaksie ook kwalifiseer. Sommige van die groep is bewus dat daar tot die werkloosheidsversekeringsfonds bygedra word en ander sê dat hul geld aan die Staat betaal en dat die Staat dus 'n wederkerige plig het. Die grootste groep van dié wat nie saamstem nie (26 %) sê dat indien finansiële hulp gegee sou word, persone nie sal werk soek nie of anders gestel, die skema moet nie daar wees vir lui mense nie (11 %). 'n Klein groepie sien dit nie as die Staat se plig nie of sê dat die Staat nie die geld het nie.

5.3 FINANSIERING VAN DIE STAAT SE SOSIALE VERPLIGTINGE

Die Staat, soos enige huishouding, moet sy verpligtinge op een of ander wyse finansier deur gelde wat uit die produksie van goedere of

dienste bekom word. Alhoewel die Staat se sosiale verpligtinge sterk beïnvloed word deur dit wat die gemeenskap verwag van die Staat (Van der Walt 1982), moet die Staat ook toesien dat die finansiering op 'n nie-inflasionêre wyse geskied. Die Staat se hulpbronne is dus in dié verband beperk. Om te bepaal of die ondersoekgroep bewus is van die verband tussen Staatsbesteding en -belasting en begrip het vir die eindigheid van die Staat se geldelike vermoë, is hulle gevra om hul siening te gee op die stelling "The more services the government has to provide the higher the taxes get".

TABEL 5.9

THE MORE SERVICES THE GOVERNMENT HAS TO PROVIDE, THE HIGHER TAXES GET

	N	%
Stem saam	592	52,3
Neutraal	172	15,2
Stem nie saam nie	368	32,5
TOTAAL	1132	100

TABEL 5.10

REDES WAAROM BELASTING NIE MOET TOENEEM NIE

Rede	N	%
Regering het baie ander bronne van inkomste	120	33,3
Regering het geld	70	19,4
Nie seker nie	39	10,8
Moet van fabriekseienaars kom	33	9,2
Moet geld by ander lande leen	28	7,8
Regering kan enigiets sonder enige steun kry	15	4,2
Moet hoër salarisse voorsien	13	3,6
Kan geld uit ekonomie verkry	12	3,3
Moet van rykes kom	11	3,1
Onseker	19	5,3
TOTAAL	360	100

Tabel 5.9 toon dat die meerderheid van die groep (52 %) met die stelling saamstem en vir hierdie instemming is daar geen rede aangevoer nie, dit is net as 'n feit deur die ondersoekgroep aanvaar. Net meer as 60,5 % van dié wat nie saamstem nie, sê dat die Regering baie ander bronne van inkomste het of dat hy geld het of dat hy geld kan leen. Daar sou geoordeel kan word dat daar oor die finansiering van staatsinkome taamlik onkunde by die groep voorkom en dit is veelseggend dat die Chaid-ontleding geen verskille tussen die subpopulasies uitwys nie.

Aansluitend by die vorige stelling en gemik op 'n vorm van belasting wat elkeen raak (ten tyde van die opname was voedsel nog nie vrygestel van belasting nie) is die ondersoekgroep gevra om op die stelling "If the government needs more money for the development of the infrastructure, Black housing or education, GST should be increased" te reageer. Die resultate verskyn in tabelle 5.11 en 5.12.

TABEL 5.11

IF THE GOVERNMENT NEEDS MORE MONEY FOR THE DEVELOPMENT OF THE INFRASTRUCTURE, E.G. BLACK HOUSING OR EDUCATION, GST SHOULD BE INCREASED

	N	%
Stem saam	380	33,5
Neutraal	101	8,9
Stem nie saam nie	654	57,6
TOTAL	1135	100

TABEL 5.12(a)

REDES WAAROM AVB MOET TOENEEM

Rede	N	%
Dra by tot ons vooruitgang en ontwikkeling	149	39,9
Die Staat word sodoende gehelp	103	27,6
Infra-struktuur is nodig en daarom ook belasting	37	9,9
Om meer geld te kry	23	6,2
Salarisse te klein om nog AVB te betaal	20	5,4
Verskeidenheid ander redes	40	10,7
Onseker	1	0,3
TOTAAL	373	100

(Vervolg)

TABEL 5.12(b)

REDES WAAROM AVB NIE MOET TOENEEM NIE

Rede	N	%
Salarisse te klein om nog AVB te kan betaal	186	28,2
Word te veel belas	129	19,5
AVB is onnodig	115	17,4
Staat moet self hul eie geld kry	81	12,3
Lewenskoste reeds hoog genoeg	63	9,5
As AVB verhoog word, moet salarisse ook verhoog	45	6,8
Verskeidenheid ander redes	39	5,9
Onseker	2	0,3
TOTAAL	660	100

Alhoewel die verduideliking van wat met "infrastructure" bedoel word, geïllustreer is met moontlike voorbeelde van verbeteringe op die terreine wat die Swarte na aan die hart lê, naamlik onderwys en behuising, was die meerderheid van die ondersoekgroep teen enige verhoging in AVB. Hul redes wentel om te klein salarisse, reeds hoë lewenskoste en 'n gevoel dat hulle reeds te veel belasting betaal.

Die meerderheid van die groep wat wel saamstem, begryp dat die Staat uit een of ander bron sy ontwikkelingsfondse moet bekom. Verskeie vorme van belasting is gemik op die herverdeling van inkomste. Die progressiewe aard van die RSA se inkomstebelasting neem meer van dié wat het en 'n sekere deel daarvan word gekanaliseer na die minder-bevoorregtes. Die ondersoekgroep se siening oor die saak is gevra deur die stelling "If the government needs more money for the development of infrastructure, e.g. Black housing and education, taxes of the higher income group should be increased".

TABEL 5.13

IF THE GOVERNMENT NEEDS MORE MONEY FOR THE DEVELOPMENT OF THE INFRA-STRUCTURE, E.G. BLACK HOUSING AND EDUCATION, TAXES OF THE HIGHER INCOME GROUP SHOULD BE INCREASED

	N	%
Stem saam	480	43,0
Neutraal	172	15,4
Stem nie saam nie	464	41,6
TOTAAL	1116	100

TABEL 5.14(a)

REDES WAAROM HOË INKOMSTEGROEP SE BELASTING VERHOOG MOET WORD

Rede	N	%
Hulle kan dit bekostig	117	24,5
Hulle het baie geld	111	23,3
Hulle moet die Staat help	96	20,1
Om in ons behoeftes te voorsien	24	5,0
Dit sal die minder gegoedes help	23	4,8
Hulle verloor nie deur meer te betaal nie	23	4,8
Slegs Blankes	13	2,7
Verskeidenheid ander redes	68	14,3
Onseker	2	0,4
TOTAAL	477	100

TABEL 5.14(b)

REDES WAAROM HOË INKOMSTEGROEP SE BELASTING NIE VERHOOG MOET WORD NIE

Staat het genoeg geld van hul eie	54	11,5
Dit sal onregverdig wees	50	10,6
Hul inkomste miskien nie genoeg vir hul behoeftes	49	10,4
Belasting moet gelyk wees	43	9,1
Het hul eie probleme	37	7,9
Mense kan nie verhoogde belasting bekostig nie	30	6,4
Almal se belasting moet verhoog word	29	6,2
Nee, hoewel hul dit kan bekostig	19	4,0
Laer inkomstegroepe se salarisse moet verhoog	18	3,8
Slegs as alle werkers se lone verhoog word	12	2,6
Slegs Blankes s'n	11	2,3
Staat verbeter niks nie	11	2,3
Verskeidenheid ander redes	83	17,7
Onseker	24	5,1
TOTAAL	470	100

Die persentasie vir dié wat saamstem en dié wat nie saamstem nie is verbasend eenders. Daar sou met reg verwag kan word dat die persentasie wat saamstem aanmerklik meer moet wees, maar soos tabel 5.13 aantoon, verskil die persentasies met minder as twee persent. Daar

moet egter in gedagte gehou word dat die ondersoekgroep antwoord vanuit 'n spesifieke situasie waarin die hoër inkomstegroep uit eie geleedere, dit miskien ook nie baie breed het nie. Die groepie wat reageer met die voorbehoud dat slegs van die Blankes meer belastings geïen moet word, is verbasend klein.

Die redes wat die groep wat saamstem aanvoer, is verstaanbaar en dit draai om die feit dat die hoër inkomstegroep beter in staat is om die hoër belasting te betaal. Die redes wat die groep wat nie saamstem nie aanvoer, is besonder interessant en daar is nie 'n groep redes wat baie duidelik voorkeur geniet nie. 'n Gevoel dat dit onregverdig sal wees en dat mense gelyk behandel moet word, kom deur in die redes wat aangevoer word, byvoorbeeld belasting moet gelyk wees, het hul eie probleme en almal se belasting moet gelyk wees. Tradisioneel was stamgenote in 'n groot mate "gelyk" en ook in die stedelike woongebiede is die gelykheid sigbaar veral in terme van behuising. Die Swarte is in die stede ook grootliks gelyk in terme van 'n omgewing van skaarsheid van goedere en dienste. Dit kan dus wees dat die ondersoekgroep vanuit hierdie realiteite antwoord.

Dit is weer eens opmerklik dat die Chaid-ontleding geen subgroep kan uitsonder wat betekenisvol van die ander verskil nie ten spyte daarvan dat 'n mens sou verwag dat dié in die hoër inkomstegroep dalk anders sou reageer.


'n Verdere funksie van die Staat is om na die effektiewe funksionering van die ekonomie om te sien. Die effektiewe funksionering van die vryemarkstelsel vereis dat "... veral die prysmeganisme onverstoord sy inligtings- en toedelingsfunksies sal vervul. Sover dit die toedelingsfunksie betref, is die veronderstelling dat pryse 'n goeie refleksie sal wees van enersyds die skaarsheid van bepaalde goedere of produksiefaktore, en andersyds die nutswaarde en produktiwiteit daarvan (Nasionale Mannekragskommissie 1982 : 10).

Die prysbepaling in die vryemark is ideaal dus 'n funksie van die wisselwerking van vraag en aanbod. Bepaling van 'n minimumloon of prysbeheer is dus 'n vorm van inmenging wat die "ideale" prys kan verwing. Dit wil natuurlik nie sê dat werkgewers nie 'n ooraanbod uitbuit nie. Voorbeelde hiervan is volop in die geskiedenis.

Die Nasionale Mannekragkommissie (1982 : 11) wys daarop dat in soverre dit die produksiefaktor arbeid aanbetref, die owerheid 'n verantwoordelikheid het om toe te sien dat arbeidsvergoeding 'n billike refleksie van die skaarsheid en produktiwiteit van arbeid sal wees. Op tipies vryemarkwyse behoort sodanige arbeidsvergoeding die resultaat van kollektiewe bedinging tussen werkgewer en werknemer te wees, hoewel Westerse regerings oor die algemeen op grond van politieke oorewinge in die proses inmeng en 'n minimumloon daarstel. Die ondersoekgroep is versoek om aan te toon of hul saamstem met 'n stelling dat die Staat 'n minimumloon moet daarstel, en indien hul saamstem, voorts aan te toon of hul dink dit hoër as hul bestaande loon sal wees (vraag 19, bylaag 1).

DENDROGRAM 5.1

THE STATE SHOULD FIX A MINIMUM WAGE



TABEL 5.15

SAL DIE MINIMUMLOON HOËR AS HUIDIGE SALARIS WEES?

	N	%
Ja	338	58,9
Nee	90	15,7
Onseker	146	25,4
TOTAAL	574	100

Die gegewens in dendrogram 5.1 toon dat daar 'n neiging is vir dié wat meer as 70 % van hul lewensgedeelte in die stad deurgebring het, om in groter mate te verwag dat die Staat so 'n loon moet vasstel. Interessant is ook dat die laergeskooldes, wat ook die laagste lone ontvang, meer geneig is om te voel dat daar wel so 'n vasstelling behoort te wees. Die meeste van die respondente wat ten gunste van so 'n vasstelling is, meen ook dat die loon hoër as hul huidige loon sal wees.

5.4 PRYSBEHEER

In die vryemarkstelsel is daar omstandighede waaronder die prysmechanisme nie na behore funksioneer nie en gevolglik staatsinmenging verg. Sodanige staatsinmenging vind veral plaas gedurende noodtoestande wanneer die produkte-aanbod verminder of andersins onder monopolistiese of oligopolistiese toestande wanneer pryse eensydig vasgestel word, en daar prysooreenkomste of harmonisering van optrede voorkom. Onder die omstandighede is staatsinmenging daarop gemik om pryse daar te stel wat 'n beter weerspieëling van die goedere se skaarsheid of nutswaarde bied. Die ondersoekgroep is versoek om aan te toon of hul saamstem, al dan nie, met 'n stelling dat die Staat die pryse van alle produkte moet beheer (vraag 18.1., bylae 1).

TABEL 5.16

THE PRICES OF ALL PRODUCTS SHOULD BE CONTROLLED BY THE STATE

	N	%
Ja	855	75,0
Nee	215	18,9
Onseker	70	6,1
TOTAAL	1140	100

TABEL 5.17(a)

REDES WAAROM STAAT ALLE PRYSE MOET BEHEER

Rede	N	%
Om eenvormige pryse te verseker	260	30,3
Om uitbuiting te voorkom	182	21,2
Om hoë pryse te beperk	163	19,0
Dis sy plig - goeie ding om te doen	145	16,9
Voorkom swartmark	40	4,7
Om wins te beperk	36	4,2
Verskeidenheid ander redes	28	3,3
Onseker	4	0,5
TOTAAL	858	100

TABEL 5.17(b)

REDES WAAROM STAAT NIE ALLE PRYSE MOET BEHEER NIE

Dis die eienaar se taak	62	29,7
Nie Staat se verantwoordelikheid nie	42	20,1
Ondernemings moet toegelaat word om wins te maak	35	16,7
Produksiekoste bepaal pryse	19	9,1
Staat beroof mense, moet belasting verminder	10	4,8
Om hoë pryse te beperk	10	4,8
Dis sy plig om dit te doen	9	4,3
Verskeidenheid ander redes	22	10,5
TOTAAL	209	100

Die gedagte dat die Staat die pryse van alle produkte moet beheer, word deur 75 % van die ondersoekgroep gesteun (tabel 5.16). Die redes vir hul antwoord weerspieël 'n opvatting dat die wyse waarop pryse in die vryemarkstelsel bepaal word, ondernemers die geleentheid bied om kopers onregverdiglik uit te buit - inderwaarheid bestaan daar 'n geloof dat die Staat die situasie kan regstel. In die algemeen gesien weerspieël hul siening nie ondersteuning vir die idee van die beperking van die Staat se rol nie. Die moontlikheid dat kompetisie tussen ondernemings pryse kan beheer en laag hou, is in 'n inflasionêre toestand geensins duidelik sigbaar nie. Die 18,9 % wat aandui dat die

Staat nie alle pryse moet beheer nie (tabel 5.16), se motiverings toon 'n baie beter insig in die werking van die prysmeganisme van die vryemark (tabel 5.17(b)).

HOOFSTUK 6

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING

Soos in die inleidende hoofstuk gestel, is die doel van die navorsing om beter begrip van die Swarte se siening van die ekonomiese stelsel waarin hy hom bevind, te verkry. Die RSA aanvaar amptelik die beginsel dat die vryemarkstelsel die stelsel is wat die beste daarin slaag om die welvaart van die totale bevolking te verhoog. Daarom val die klem van die navorsing op sekere aanvaarde uitgangspunte van die stelsel. 'n Vryemarkstelsel in 'n suiwer vorm bestaan nêrens nie en dit is vir die gewone man op straat eerder 'n konsep as 'n ervaaarde werklikheid. Die persepsies wat die mens van die stelsel het word deur die realiteite van sy daaglikse bestaan gevorm en nie deur intellektuele besinning nie. Die vraelys het dan ook op die verskillende realiteite gefokus.

Die wyse waarop die Swarte aan die vryemarkstelsel blootgestel en bekendgestel word, moet teen die agtergrond van 'n kultuurhistoriese proses gesien word wat 'n sosio-kulturele verandering onder die Swart volke in Suid-Afrika teweegbring. Dit beteken dat ook die ekonomiese orde van die bevolkings mettertyd 'n verandering ondergaan en hierdie verandering is 'n tydsgebonde proses.

6.2 VERNAAMSTE BEVINDINGE

Die ondersoekgroep beleef grootliks hul situasie as een waarin geld skaars is, die werksekuriteit laag en die geleenthede in die ekonomie min is. Op sosiale gebied voel hulle dat dit wat aan hulle gebied word (onderwys, behuising, sport en ontspanningsfasiliteite), nie van goeie gehalte is nie. Omdat hulle hul lewensituasie as ekonomies gekneld ervaar, sien hulle dan ook die vakbond as die bedinger van loon en werkvoorwaardes en as ondersteuner in moeilike tye. Ongeveer 'n derde sien egter ook 'n politieke rol. Die meerderheid is of onseker of stem nie saam dat die resente verandering in arbeidswetgewing goed

is vir Swart mense nie, hoofsaaklik omdat daar volgens hulle nog steeds diskriminasie in die werkplek bestaan en hul situasie nie veel verander het nie.

Wanneer dit kom by die konsep van individualisme, was die ondersoekgroep geneig om vanuit hul eie konkrete situasie te antwoord. So het die oorgrote meerderheid saamgestem dat 'n mens 'n bestaan moet maak deur jou eie arbeidsaamheid, maar die redes wat aangevoer word dui nie op die konseptuele nie, maar op die konkrete. Die algemene gevoel was ook dat die huishoof nie alleen vir die gesin moet sorg nie, omdat hy dit nie kan bekostig nie en dat die ander lede 'n plig het. Dit gaan dus nie om die verantwoordelikheid wat volgens Blanke norme, soos ook in die huweliksformulier verwoord, op die gesinshoof rus nie.

Dit is ook nie verbasend dat die ondersoekgroep neig om vanuit die konkrete belewenis van hul eie situasie te reageer nie. Wat Perlman (1949) van die arbeidsbeweging sê, naamlik dat dit bestaan uit duisende konkrete individue wat poog om konkrete voordele in die arbeidsituasie te bekom, geld ook vir die ondersoekgroep. Hy sê ook verder dat die intellektuele teoretikus te veel geneig is om arbeid te sien as "an abstract mass in the grip of an abstract force" wat slegs in die verbeelding van die teoretikus bestaan. Die begrip van vryemark in suiwer vorm is ook wesentlik 'n teoretiese konsep.

Die ondersoekgroep ondersteun die gedagte van 'n pensioenfonds, maar dan nie omdat dit 'n wyse is waarop daar vir die oudag voorsiening gemaak moet word nie, maar hoofsaaklik omdat dit hulle geld is wat afgetrek word en hulle dit wil terughê.

Byna 50 % steun nie die gedagte van individuele grondbesit nie en die vryheid van kompetisie word ook nie juis ondersteun nie. Weer eens toon die redes dat die konkrete belewenis van hul situasie die persepsies van die ondersoekgroep kleur. Dit word weerspieël in redes soos "daar is nie genoeg grond nie" of "almal sal dan nie genoeg wins maak nie". Daar skemer ook 'n vrees deur dat sekere individue dan meer as hul regmatige deel van wat as 'n baie beperkte bron gesien word, sal bekom, vandaar die respons dat alle mense gelyk moet wees.

Daar is egter ook diegene in die ondersoekgroep wat duidelik die vryemark-idee ten opsigte van individuele grondbesit en vrye kompetisie steun en meen dat grondbesit vryheid beteken en dat groter mededinging beter diens en beter prys tot gevolg sal hê; almal aspekte wat tipies vryemark-gedagtes het.

Die ondersoekgroep verwag baie van die Staat. Die oorgrote meerderheid verwag byvoorbeeld dat die Staat moet toesien dat daar vir almal werk is; net meer as 60 % verwag dat die Staat alle huisvesting moet besit en voorsien of mense help om huisvesting te bekom; en dat indien hy werkloos is, hy hulp van die Staat moet ontvang. Daar was ook diegene, gewoonlik in die omgewing van 30 %, wat meen dat die Staat 'n meer beperkte rol in die verband te speel het en dus meer met die vryemark-gedagte saamstem. Interessant is die feit dat 'n veel kleiner persentasie verwag dat die Staat aan almal vry mediese dienste moet verskaf en dan so 'n diens net vir sekere groepe byvoorbeeld gestremdes, verwag.

Dit is verder duidelik dat die ondersoekgroep meesal geen duidelike begrip het van die verband tussen staatsbesteding en -belasting nie. Meer as 50 % stem saam dat as die Staat meer dienste moet verskaf belastings ook verhoog, maar hulle stem nie noodwendig in dat dit nodig is nie. Daar word aangevoer dat die Staat geld en ander bronne van inkomste het. Veral die idee van die verhoging in AVB vind by die meerderheid (58 %) nie byval nie, omdat hulle meen dat hulle salarisse te klein is om nog AVB te betaal en ook dat hulle reeds te veel belas word.

Interessant is die feit dat die ondersoekgroep taamlik verdeeld is oor die stelling dat indien meer geld benodig word, dit van die hoër inkomstegroepe bekom moet word. Dié wat nie ten gunste daarvan is nie, bied 'n hele verskeidenheid redes vir hul antwoord aan en daar is nie 'n enkele rede wat duidelik bo die ander uitstaan nie. Tog skemer 'n gevoel deur dat dit onregverdig sal wees, dat almal gelyk moet wees want almal het hul eie probleme en dalk is hulle geld ook maar net genoeg vir hul behoeftes.

Die meerderheid van die respondente is ook ten gunste van die vasstelling van 'n minimumloon en is van mening dat die loon hoër sal wees as dié wat hul tans ontvang. Daar is ook baie sterk ondersteuning vir die instelling van prysbeheer. Die vernaamste rede wat aangevoer word vir laasgenoemde respons is om eenvormige pryse te verseker en om uitbuiting te voorkom.

Die feit dat die CHAID-ontleding selde aantoon dat daar verskille in die reaksie van die sub-populasies is, is veelseggend en beteken dat die jonger respondente nie verskil van die oueres nie, dat onderwyspeil nie veel uitwerking op die reaksies het nie, ensovoorts. Hipoteties kon verwag word dat die sub-populasies wel in sienswyse van mekaar sou verskil.

6.3 BESPREGING VAN DIE BEVINDINGS

Die teorie van plurale gemeenskappe (vgl. Bekker 1975; Jacobsz 1985) bied 'n verwysingsraamwerk vir die interpretasie van die resultate en die teorie postuleer dat daar binne plurale gemeenskappe kulturele en strukturele pluralisme bestaan. Kulturele pluralisme verwys na die realiteit dat meer as een etniese groep in die gemeenskap bestaan terwyl strukturele pluralisme na afsonderlike en gedupliseerde instellings vir die verskillende groepe verwys. Relatief skaars middele word oneweredig oor groeps grense verdeel en konflik en dissensus tussen die groepe spruit voort uit die feit dat die verskillende groepe nie dieselfde toegang het tot die relatief skaars middele wat hulle begeer nie. Kommunikasieprobleme, eie belang en stereotipes van ander groepe dra tot die konflikpotensiaal by en as die groepe nie net in 'n kultuurverhouding tot mekaar staan nie, maar ook in 'n politieke en ekonomiese verhouding, word die konflikpotensiaal verhoog.

Die geskiedenis van Suid-Afrika dui daarop dat in die tydperk voor 1870, daar hoofsaaklik kulturele pluralisme, en in 'n mindere mate, strukturele pluralisme bestaan het. Blank en Swart het, gevallende van onderlinge kontak en spanning ten spyte, hul onderskeie kulture groten-deels ongestoord uitgeleef. Die ekonomiese kultuur van beide groepe was in hoofsaak op die landbou toegespits. In die terminologie van die plurale teorie kan dit gestel word dat die Blanke, uit hoofde van sy

Europese kultuurerfenis, die dominante kultuur verteenwoordig het. In sy hoedanigheid as die dominante kultuur, het hy homself by oorweging eerder toegespits op territoriale gebiedskeiding as gedupliseerde strukturele instellinge vir Blank en Swart binne die geografiese grense van sy territoriale gebied. In hoofsaak was wedersydse interaksie tot kultuurkontak beperk. Eers teen die einde van die tydperk is 'n beleid van assimilasië met betrekking tot die Swartman in die Brits-beheerde gebiede ingevoer.

Met die ontdekking van diamante en goud het die posisie ten opsigte van strukturele pluralisme egter snelle verandering ondergaan. Mynbou het 'n vraag na beide geskoolde en ongeskoolde arbeid geskep. Die vraag na geskoolde arbeid is gevul deur Europese immigrante, terwyl die vraag na ongeskoolde arbeid deur die Swartman bevredig is. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n patroon waarvolgens Blankes geskoolde en Swartes ongeskoolde werk verrig. Vervolgens het dit uit die samestelling van die arbeidsmag voortgevloei dat Blankes se lone aansienlik hoër as dié van Swartes was.

Die verskil tussen Blank en Swart is verder gevoer deur die verskil in akkommodasiegeriewe. 'n Patroon het algaande ontwikkel waarvolgens Blankes in die dorpe en Swartes aan die buitewyke van die dorpe woon.

In terme van die plurale teorie beteken die voorgenoemde aspekte dus dat die grondslag vir strukturele pluralisme, gegrond op kulturele pluralisme, binne Blanke territoriale gebied geleë is.

Die tydperk van 1910 tot 1948 word in toenemende mate gekenmerk deur ras-gefundeerde statutêre maatreëls wat op strukturele pluralisme toegespits is.

Blanke mynwerkers geniet byvoorbeeld statutêre beskerming teen mededinging van die Swartman; Swartes word grotendeels by die werking van die Wet op Nywerheidsversoening uitgesluit; die beginsel van statutêre segregasie van grondeienaarskap word geïnstansionaliseer en Swartes se verblyf aan die buitewyke van Blanke dorpe word bepaal deur statutêre maatreëls wat slegs op die Swartman van toepassing is.

Hierdie strukturele pluralisme vind ook op ander kultuurterreine inslag.

Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 word die beleid van apartheid geïmplementeer. Dit is 'n beleid waarvolgens rasseskeiding en strukturele pluralisme voortspruit uit kulturele pluralisme. Op arbeidsterrein is daar byvoorbeeld afsonderlike wetgewing vir Blank en Swart gepromulgeer.

Teen die jare sewentig het daar op die drie regeringsvlakke 'n magdom landswette, provinsiale ordonnansies en munisipale regulasies bestaan wat die werking van die land se gedupliseerde strukturele instellinge bepaal het. Daar was byvoorbeeld afsonderlike arbeidsmarkmaatreëls vir Blank en Swart, vir werkers in die bedryf, die mynweese, die openbare sektor, semi-staatsinstellings, ensomeer. Aan die hand van die plurale teorie kan dit dus gestel word dat konfliktpotensiaal bestaan, nie alleen vanweë die feit dat Blank en Swart differensiële toegang tot die vryemarkstelsel geniet nie, maar ook vanweë die feit dat die vryemarkstelsel kultuur-ekonomies vreemd aan die Swartman is.

In die geheel gesien het die Swarte egter as gevolg van wetgewing en regulasies, nie dieselfde toegang tot die mark gehad nie en kan daar dus beswaarlik van hom verwag word om die vryemark-idee te ondersteun, aangesien vryheid van toegang een van die hoekstene is waarop die vryemarkstelsel gegrond is. Die gebrek aan vryheid van toegang kan dus as een van die oorsake gesien word waarom die ondersoekgroep basies nie as ondersteuners van 'n vryemarkstelsel beskryf kan word nie.

Of die Swarte die stelsel ten volle sou ondersteun as die toegang nie ontsê is nie, is egter ook glad nie so seker nie. In Afrika het die meeste van die Afrika-regerings 'n stelsel gekies wat hulle Afrika sosialisme gedoop het. Bopype (1975) sien Afrika sosialisme as 'n sosiale, ekonomiese en politieke filosofie wat die gemeenskap as 'n sosiale organisme sien waarin die eenhede in die gemeenskap gesamentlike verantwoordelikheid dra vir die produksie, distribusie en verbruik van die land se hulpbronne. Hy maak ook die stelling dat die ideologie "... seems indigenous and traditional and it is derived from

the tribal meaning of family. Implicit in it are the notions such as commune, genuine community, brotherhood and solidarity of kinship" (1975 : 49). Tradisioneel het die Swarte dus 'n sosialistiese benadering tot die ekonomie. Indiwiduele belange word dus ondergeskik gestel aan groepbelange en die indiwidu onderwerp hom aan die groep.

In sy tradisionele bestaansekonomie lewe die Swarte in 'n omgewing van skaarsheid en met sy intrekking in die nywerheidsekonomie, het hy gewoonlik die laer besoldigde werk verrig sodat sy belewenis van sy ekonomiese omgewing steeds een van skaarsheid bly. Perlman (1928) sê dat persone wat die persepsie het, geneig is om sy heil in groepsvorming te sien. Die groep moet dan toesien dat die skaars lewensmiddele redelik gelykop tussen die groep verdeel word sodat elkeen darem sy deeltjie kan bekom. Vir hierdie voordeel onderwerp die indiwidu hom aan groeps gesag. In die dae voor die industriële rewolusie het die gilde vir die vakman hierdie rol vervul en in die tradisionele Swart kultuur het die familie en die stam die wesenlik beskermende rol gespeel.

